(xi) The Department/South African Development Trust shall not be responsible for any damage to services except when such damage is caused by officers in its service in the execution of their official duties.

(xii) The Department/South African Development Trust or contractors in its service shall fill up excavations properly to prevent subsidence and/or erosion.

3. The said expropriations shall become effective and the servitude areas shall be taken into possession thirty (30) days after the date of publication of this notice in the *Gazette*, on which date the ownership of the said servitude areas shall vest in the South African Development Trust.

4. In terms of the said Expropriation Act your attention is hereby drawn to the fact that the offer of compensation shall, in terms of section 10 (5) of the said Act, be deemed to have been accepted by you if you do not, within eight (8) months (or such longer period as the Minister may allow) from the date of the offer of compensation, apply to a compensation court or a division of the Supreme Court having jurisdiction for the determination of the amount of compensation, unless, prior to the expiry of the said period, it has been agreed to submit to arbitration the dispute regarding the amount of compensation or to have such amount determined by a compensation court.

5. You are hereby requested to deliver or cause to be delivered to me at the address stated at the end of this notice, within sixty (60) days from the date of publication of this notice in the *Gazette*, a written statement in which—

(i) you indicate whether you accept the amount of compensation in question stated herein and, should you not accept it, what total amount you claim as compensation for the servitude hereby expropriated;

(ii) you furnish the address to which further documents in connection with the expropriation are to be posted to you.

6. You are further requested to deliver or cause to be delivered to me, within sixty (60) days from the said date of publication, the title deed of the property concerned in respect of which the servitude is hereby expropriated or, if this is not in your possession or under your control, written particulars of the name and address of the person in whose possession or under whose control it is.

J. C. ESTERHUIZEN,

p.p. Minister of Public Works (By virtue of Special General Power of Attorney PA 55/1989 dated 10 February 1989)

Address:

The Director-General of Public Works
Private Bag X65,
Pretoria,
0001.

Place: Pretoria.

Date of signature: 24 October 1991.

As witnesses:

1. J. C. E. Bure.
2. L. E. Velthuysen.

(15 November 1991)

KENNISGEWING 1079 VAN 1991

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE REGERING EN NASIONALE BEHUISING

RAAD VIR DIE KOÖRDINERING VAN PLAASLIKE OWERHEIDSAANGELEENTHEDE: AANWYSING VAN PERSOON INGEVOLGE ARTIKEL 14 VAN DIE WET OP DIE BEVORDERING VAN PLAASLIKE OWERHEIDSAANGELEENTHEDE, 1983 (WET 91 VAN 1983)

Kragtens artikel 14 van die Wet op die Bevordering van Plaaslike Owerheidsaangeleenthede, 1983 (Wet 91 van 1983), gelees met artikel 3 (3) (h) en (7) daarvan, wys ek hierby stamhoof C. J. Hlaneki, Minister van Binnelandse Sake van Gazankulu as lid en mnr. R. W. S. Phakula, die Direkteur-generaal: Departement van Binnelandse Sake, Gazankulu, as sy sekundus aan in die Raad vir die Koördinering van Plaaslike Owerheidsaangeleenthede vir die tydperk eindigende 31 Desember 1991.

L. WESSELS,
Minister van Plaaslike Regering en Nasionale Behuising.
(15 November 1991)

KENNISGEWING 1080 VAN 1991

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE REGERING EN NASIONALE BEHUISING

RAAD VIR DIE KOÖRDINERING VAN PLAASLIKE OWERHEIDSAANGELEENTHEDE: AANWYSING VAN PERSOON INGEVOLGE ARTIKEL 3 (3) (a) VAN DIE WET OP DIE BEVORDERING VAN PLAASLIKE OWERHEIDSAANGELEENTHEDE, 1983 (WET 91 VAN 1983)

Kragtens artikel 3 (3) (a) van die Wet op die Bevordering van Plaaslike Owerheidsaangeleenthede, 1983 (Wet 91 van 1983), wys ek hierby raadslid G. J. Parsons, President van die Transvaalse Munisipale Vereniging aan as lid in die Raad vir die Koördinering van Plaalike Owerheidsaangeleenthede vir die tydperk eindigende 31 Desember 1991.

L. WESSELS,
Minister van Plaaslike Regering en Nasionale Behuising.
(15 November 1991)

KENNISGEWING 1081 VAN 1991

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

INTREKKING VAN REGISTRASIE VAN 'N WERKGEWERSORGANISASIE

Ek, David William James, Nywerheidsregistrateur, maak hierby kragtens artikel 14 (2) van die Wet op Arbeidsverhoudinge 1956, bekend dat ek die registrasie van die Free Independent Workers' Association, met ingang van 4 November 1991 ingetrek het.

D. W. JAMES,
Nywerheidsregistrateur.
(15 November 1991)

NOTICE 1079 OF 1991

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT AND NATIONAL HOUSING

COUNCIL FOR THE CO-ORDINATION OF LOCAL GOVERNMENT AFFAIRS: DESIGNATION OF PERSON IN TERMS OF SECTION 14 OF THE PROMOTION OF LOCAL GOVERNMENT AFFAIRS ACT, 1983 (ACT 91 OF 1983)

Under section 14 of the Promotion of Local Government Affairs Act, 1983 (Act 91 of 1983), read with section 3 (3) (h) and (7) thereof, I hereby designate chief C. J. Hlaneki, Minister of Interior of Gazankulu as a member and Mr R. W. S. Phakula, Director-General: Department of Interior, Gazankulu, as his secundus in the Council for the Co-ordination of Local Government Affairs for the period ending 31 December 1991.

L. WESSELS,
Minister of Local Government and National Housing.
(15 November 1991)

NOTICE 1080 OF 1991

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT AND NATIONAL HOUSING

COUNCIL FOR THE CO-ORDINATION OF LOCAL GOVERNMENT AFFAIRS: DESIGNATION OF PERSON IN TERMS OF SECTION 3 (3) (a) OF THE PROMOTION OF LOCAL GOVERNMENT AFFAIRS ACT, 1983 (ACT 91 OF 1983)

Under section 3 (3) (a) of the Promotion of Local Government Affairs Act, 1983 (Act 91 of 1983), I hereby designate Councillor G. J. Parsons, President of the Transvaal Municipal Association as a member in the Council for the Co-ordination of Local Government Affairs for the period ending 31 December 1991.

L. WESSELS,
Minister of Local Government and National Housing.
(15 November 1991)

NOTICE 1081 OF 1991

DEPARTMENT OF MANPOWER

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

CANCELLATION OF REGISTRATION OF AN EMPLOYERS' ORGANISATION

I, David William James, Industrial Registrar, hereby notify, in terms of section 14 (2) of the Labour Relations Act, 1956, that I have cancelled the registration of the Free Independent Workers' Association, with effect from 4 November 1991.

D. W. JAMES,
Industrial Registrar.
(15 November 1991)

KENNISGEWING 1085 VAN 1991

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

INTREKKING VAN REGISTRASIE VAN 'N VAKVERENIGING

Ek, David William James, Nywerheidsregistrateur, maak hierby kragtens artikel 14 (2) an die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, bekend dat ek die registrasie van die East Cape Local Authorities Employees Association met ingang van 5 November 1991 ingetrek het.

D. W. JAMES,

Nywerheidsregistrateur.

(15 November 1991)

NOTICE 1085 OF 1991

DEPARTMENT OF MANPOWER

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

CANCELLATION OF REGISTRATION OF A TRADE UNION

I, David William James, Industrial Registrar, hereby notify, in terms of section 14 (2) of the Labour Relations Act, 1956, that I have cancelled the registration of the East Cape Local Authorities Employees Association with effect from 5 November 1991.

D. W. JAMES,

Industrial Registrar.

(15 November 1991)

KENNISGEWING 1086 VAN 1991

DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID

WET OP SKADELIKE SAKEPRAKTYKE, 1988

Ek, David de Villiers Graaff, Adjunkminister van Handel en Nywerheid en Toerisme, handelende namens die Minister van Handel en Nywerheid en Toerisme, publiseer hiermee, kragtens artikel 10 (3) van die Wet op Skadelike Sakepraktyke, 1988 (Wet No. 71 van 1988), die verslag van die Sakepraktykekomitee oor die uitslag van die ondersoek deur die Komitee gedoen kragtens Algemene Kennisgewing 256 van 1991 soos gepubliseer in *Staatskoerant* No. 13061, gedateer 15 Maart 1991, soos in die Bylae uiteengesit.

D. DE V. GRAAFF,

Adjunkminister van Handel en Nywerheid en Toerisme.

BYLAE

VERSLAG No. 14

NOVIO FINANCIAL ADVISORS BK

INHOUD

1. *Inleiding*

Gedurende 1990 het die Suid-Afrikaanse Koördinerende Verbruikersraad en die Nuusblad-Persunie klagtes ontvang oor 'n besigheid wat onder die naam Reficul Industries sake gedoen het. Die Suid-Afrikaanse Koördinerende Verbruikersraad en die Nuusblad-Persunie het die aangeleentheid na die Sakepraktykekomitee ("die komitee") verwys. Die Regshulpburo van Johannesburg het ook klagtes onder die aandag van die komitee gebring. Berigte daaroor het van tyd tot tyd in die pers verskyn, wat die aandag gevestig het op sakepraktyke wat deur hierdie besigheid en die eienaar daarvan, ene mnr. Lucifer Spokie van Zyl, beoefen is. Dit het later geblyk dat mnr. Van Zyl ook onder die naam Novio Financial Advisors BK. sake gedoen.

NOTICE 1086 OF 1991

DEPARTMENT OF TRADE AND INDUSTRY

HARMFUL BUSINESS PRACTICES ACT, 1988

I, David de Villiers Graaff, Deputy Minister of Trade and Industry and Tourism, acting on behalf of the Minister of Trade and Industry and Tourism, do hereby, in terms of section 10 (3) of the Harmful Business Practices Act, 1988 (Act No. 71 of 1988), publish the report of the Business Practices Committee on the result of an investigation made by the Committee pursuant to General Notice 256 as published in *Government Gazette* No. 13061 dated 15 March 1991, as set out in the Schedule.

D. DE V. GRAAFF,

Deputy Minister of Trade and Industry and Tourism

SCHEDULE

REPORT No. 14

NOVIO FINANCIAL ADVISORS CC

CONTENTS

1. *Introduction*

During 1990 the South African Co-ordinating Consumer Council and the Newspaper Press Union received complaints about a business being conducted under the name of Reficul Industries. The South African Co-ordinating Consumer Council and the Newspaper Press Union referred the matter to the Business Practices Committee. Complaints were also brought to the notice of the Business Practices Committee ("the committee") by the Legal Aid Bureau of Johannesburg. From time to time reports appeared in the press, drawing attention to business practices carried on by this business and its owner, a certain Mr Lucifer Spokie van Zyl. It appeared subsequently that Mr Van Zyl was also doing business under the name of Novio Financial Advisors CC.

Mnr. Van Zyl se firma het oënskynlik sake gedoen deur finansiële hulp aan verbruikers te verleen en deur as 'n tussenganger tussen verbruikers (skuldenaars) en hulle skuldeisers op te tree.

Die komitee het kragtens artikel 8 (1) (a) van die Wet op Skadelike Sakepraktyke, 1988 ("die Wet"), 'n ondersoek ingestel. Kennis van die ondersoek is kragtens artikel 8 (4) van die Wet gegee in Algemene Kennisgewing 256 van 1991, gepubliseer in *Staatskoerant* No. 13061 van 15 Maart 1991. Die kennisgewing het belanghebbende persone versoek om skriftelike voorleggings aan die komitee voor te lê binne 14 dae na die datum daarvan.

Die komitee het ongeveer 50 briewe van kliënte van mnr. Van Zyl ontvang. Verskeie briewe is ontvang van prokureurs wat deur kliënte gelas is om gelde van Novio te eis.

Die komitee het samesprekings gevoer met die partye wat hieronder beskryf word, hulle kliënte, hulle skuldeisers en werknemers van Novio. Novio se dokumente en rekords is ondersoek.

Die komitee lê sy verslag kragtens artikel 10 (1) van die Wet voor.

2. *Die partye*

Die partye is mnre. Lucifer Spokie van Zyl, Donovan Pretorius, Henry Strydom, Tienie du Toit, Dewald Ahlers, Gert Fingerling, André Smith, Jan Human, Chris Saaiman, Hardus Brandt, Philip Venter, Ferdie Beeslaer, Novio Financial Advisors BK (BK No. 90/24792/23), Reficul Industries en werknemers of agente van bogenoemde.

Die partye is nie almal in dieselfde mate of op dieselfde wyse by die besigheid betrokke nie en het verskillende administratiewe en organisatoriese hoedanighede. Die partye het nietemin as 'n span onder leiding van mnr. L. S. van Zyl opgetree. Vir die doel van hierdie verslag sal daar na mnr. Van Zyl en die ander partye as "Novio" verwys word. Enige verwysing na "Novio" sluit ook "Reficul Industries" in.

3. *Agtergrond*

Soos in deel 1 genoem is, is ongeveer 50 briewe van kliënte van Novio ontvang in reaksie op die komitee se aangekondigde ondersoek. Hierdie briewe het vanoor die hele Suid-Afrika gekom, byvoorbeeld van Port Shepstone, Soweto, Benoni, Boksburg, Wattville, Alberton, Daveyton, Vryheid, Duduza, Kempton Park, Ermelo, Vosloorus, Hennopsmeer, Ellisras, Matsulu, Meadowlands, Germiston, Secunda, Ladysmith en Dube.

Die storie wat uit die beskikbare getuienis ontvou, dui daarop dat die meeste van Novio se kliënte verbruikers in 'n ernstige finansiële verknorsing was wat nie in staat was om hulle skuldeisers se eise en agterstallige eise te betaal nie. Ander het om verskeie redes krediet nodig gehad, soos vir die aankoop van 'n voertuig vir gebruik as 'n taxi.

Die tipiese Novio-kliënt was dikwels 'n verbruiker wie se inkomste onvoldoende was om aan sy skuldeisers se eise te voldoen, wat nie 'n aantreklike kredietrisiko was nie en dus nie geredelik by konvensionele kredietinstellings soos banke en kredietkaartmaatskappye vir krediet gekwalifiseer het nie.

Mr Van Zyl's firm ostensibly conducted business by granting financial assistance to consumers and by acting as an intermediary between consumers (debtors) and their creditors.

The committee instituted an investigation in terms of section 8 (1) (a) of the Harmful Business Practices Act, 1988 ("the Act") Notice of the investigation was given in terms of section 8 (4) of the Act by General Notice 256 of 1991 published in *Government Gazette* No. 13061 of 15 March 1991. The Notice invited interested persons to direct written submissions to the committee within 14 days of the date thereof.

The committee received approximately 50 letters from clients of Mr Van Zyl. Several letters were received from attorneys who had been instructed by clients to demand moneys from Novio.

The committee held discussions with the parties described below, their clients, their creditors and the employees of Novio. Documents and records of Novio were perused.

The committee submits its report in terms of section 10 (1) of the Act.

2. *The parties*

The parties are Messrs. Lucifer Spokie van Zyl, Donovan Pretorius, Henry Strydom, Tienie du Toit, Dewald Ahlers, Gert Fingerling, André Smith, Jan Human, Chris Saaiman, Hardus Brandt, Philip Venter, Ferdie Beeslaer, Novio Financial Advisors CC (CC No. 90/24792/23), Reficul Industries and employees or agents of the above.

The parties are not all to the same degree or in the same way involved in the business and have diverse administrative and organisational capacities. The parties nevertheless acted as a team under the leadership of Mr. L. S. van Zyl. For the purpose of this report Mr Van Zyl and the other parties will be referred to as "Novio". Any reference to "Novio" also includes "Reficul Industries".

3. *Background*

As mentioned in part 1, approximately fifty letters were received from clients of Novio in reaction to the committee's announced investigation. These letters came from all over South Africa, for example, from Port Shepstone, Soweto, Benoni, Boksburg, Wattville, Alberton, Daveyton, Vryheid, Duduza, Kempton Park, Ermelo, Vosloorus, Hennopsmeer, Ellisras, Matsulu, Meadowlands, Germiston, Secunda, Ladysmith and Dube.

The story which unfolded from the available evidence indicated that most of Novio's clients were consumers in severe financial plight, being unable to satisfy the claims and arrears claims of creditors. Others had need of credit for a variety of reasons, such as for the purchase of a vehicle for use as a taxi.

The typical Novio client was frequently a consumer whose income was inadequate to satisfy his creditors' claims, who was not an attractive credit risk and thus did not readily qualify for credit with conventional credit institutions such as banks and credit card companies.

Die huidige ekonomiese omstandighede en toenemende werkloosheid dra by tot uiterste finansiële druk vir duisende verbruikers. Groeiende getalle verbruikers bevind hulle in 'n posisie waar hulle deur knellende finansiële verpligtinge gedwing word om alle moontlikhede vir finansiële verligting op die proef te stel.

4. *Voorstellings deur Novio*

Novio het in die dagpers en weeklikse tydskrifte geadverteer deur hulp aan te bied aan persone wat skuldprobleme ondervind, wat 'n behoefte aan finansiering het, wat 'n lening of konsolidasie van skuld wou hê of wat oorbruggingskapitaal of kontant nodig gehad het. Die advertensies het stiptelike en bekwame diens, gemoedrus en verlossing van skuldprobleme aangebied en het die aandag gevestig op die beskikbaarheid van lenings of die moontlikheid van die konsolidasie en distribusie van skuld.

Novio het die kliënt basies met een van twee indrukke gelaat. Kliënte wat 'n voorskot wou hê, is meegedeel dat hulle vir 'n lening kwalifiseer wat beskikbaar sal wees sodra daar aan sekere formaliteite voldoen is en 'n vereiste betaling aan Novio gedoen is. Baie kliënte wat gedink het dat hulle om 'n lening aansoek doen, was later verras toe hulle ontdek dat hulle ooreenkomste aangegaan het vir die distribusie van hulle skulde en dat Novio namens hulle finansiering moes verkry van 'n ander instelling soos 'n bank of 'n makelaar.

Kliënte wat probleme met spesifieke skuldeisers se eise ondervind het, is meegedeel dat Novio hulle sal help deur middel van skulddistribusie, in welke geval Novio die kliënt se skulde aan sy skuldeisers sou vereffen en as alleenskuldeiser in die bestaande skuldeisers se plek sou tree. Dié kliënte is onder die indruk gebring dat Novio as alleenskuldeiser in die plek van hulle bestaande skuldeisers sou kom. Die kliënt sou dan die hele skuld aan Novio terugbetaal. Sover daar vasgestel kon word, is kliënte nie meegedeel dat Novio slegs as skulddistribueerder sou optree nie wat bloot die kliënte se gelde sou invorder en sodanige gelde namens die skuldenaar onder skuldeisers sou toedeel en as geleibuis vir betalings aan skuldeisers sou optree.

Dit blyk duidelik dat baie kliënte nie die aard van die ooreenkoms met Novio verstaan het nie en onder die indruk was óf dat hulle 'n lening sal ontvang óf dat Novio die betaling van hulle skuld sal oorneem, waarna hulle uitstaande bedrae direk aan Novio sou terugbetaal.

Kliënte is byna onmiddellik na aansoek verseker dat hulle vir 'n lening "kwalifiseer" of dat 'n lening reeds "goedgekeur" is. Daar is aan kliënte vertel dat hulle die verlangde finansiële bystand sal ontvang sodra hulle die aanvanklike betaling aan Novio gedoen het. Die aanvanklike betaling was gewoonlik min of meer tien persent van die skuldenaar se totale skuldverpligting.

The current economic circumstances and growing unemployment contribute to extreme financial pressure for thousands of consumers. Growing numbers of consumers find themselves in a position where they are forced by pressing financial obligations to pursue all possible avenues of financial relief.

4. *Representations by Novio*

Novio advertised in the daily press and weekly magazines offering assistance to persons experiencing debt problems, who had need of financing, desired a loan or debt consolidation or who needed bridging capital or cash. The advertisements offered prompt and competent service, peace of mind and deliverance from debt problems, and drew attention to the availability of loans or the possibility of the consolidation and distribution of debts.

Novio basically left one of two impressions with clients. Clients who required an advance of money were informed that they qualified for a loan which would be forthcoming as soon as certain formalities had been met and a requisite payment made to Novio. Many clients who thought they were making application for loans were surprised on later discovering that they had entered into agreements for the distribution of their debts and that Novio needed to obtain financing on their behalf from another institution such as from a bank or a broker.

Clients who had difficulty with specific creditors' claims were told that Novio would assist them by means of a debt distribution, in which event Novio would discharge the client's debts to his creditors and as sole creditor step into the shoes of the existing creditors. These clients were led to believe that Novio would be substituted as sole creditor in the place of their existing creditors. The client would then repay the whole debt to Novio. As far as could be ascertained clients were not informed that Novio would act only as a debt distributor, merely collecting moneys from the client and apportioning such moneys among creditors on the debtor's behalf, acting as a conduit for payments to creditors.

It is clear that many clients did not understand the nature of the agreement with Novio and were under the impression either that they would receive a loan or that Novio would take over the payment of their debts, whereupon they would repay outstanding amounts directly to Novio.

Clients, almost immediately upon application were assured that they "qualified" for a loan or that a loan had already been "approved". Clients were told that they would receive the desired financial assistance, when they had paid the initial payment to Novio. This initial payment was usually more or less of the order of ten per cent of the debtor's total debt obligation.

Novio het in elke geval aangevoer dat die verlangde lening binne enkele dae beskikbaar sal wees of dat die eerste betaling aan skuldeisers onmiddellik 'n aanvang sal neem. In sommige gevalle is kliënte telefonies ingelig dat die geld beskikbaar is en net afgehaal kan word. Kliënte wat gekom het om die geld af te haal, is egter van bakboord na stuurboord gestuur en is uiteindelik meegedeel dat die geld in werklikheid deur 'n bank of makelaar verkry moet word.

5. *Novio se kontrak en ander dokumentasie*

Ingevolge die standaard kontrak wat deur Novio verskaf is en wat die kliënte moes invul, het die kliënt gewaarborg dat 'n genoemde bedrag sy totale skuldverpligting uitmaak. Hierdie waarborg het die kliënte aan moontlike kontrakbreuk blootgestel aangesien dit moeilik is om so 'n bedrag akkuraat te bereken. (Kyk brief van Novio se prokureurs re REFICUL INDUSTRIES/A. VILJOEN, gedateer 9 Augustus 1989.)

Ingevolge die kontrak het die kliënt onderneem om maandeliks 'n bepaalde bedrag aan Novio te betaal vir voorlopige distribusie onder die kliënt se skuldeisers, behoudens die bepalings van die kontrak. Versuim om aan hierdie onderneming te voldoen het kontrakbreuk van die kliënt se kant uitgemaak. Hierdie kontrakbreuk het 'n grond gevorm waarop Novio die kontrak kon kanselleer en daarop aanspraak kon maak dat hy geregtig is om die geld wat hy ontvang het, te behou.

Voltooide kontrakte is aan kliënte gestuur, vergesel van 'n brief wat verklaar dat Novio voorlopig kragtens paragrawe 5 en 6 van die kontrak (die skulddistribusieooreenkoms) sou optree totdat paragraaf 9 (verkryging van 'n lening van 'n derde party) in werking tree.

Volgens paragraaf 9 van die kontrak het Novio onderneem om die kliënt aan 'n persoon of instelling ('n makelaar) voor te stel by wie die kliënt aansoek kan doen om 'n lening vir 'n bedrag wat hom (die kliënt) in staat sou stel om in enige stadium sy totale skuldverpligting te vereffen. Kliënte het nagelaat om die kontrak te lees en dit lyk asof die meeste van die klaers onbewus was van hierdie klousule voordat hulle die ooreenkoms met Novio aangegaan het. Hulle het daarvan bewus geword toe hulle die begeleidende brief hierbo bedoel, ontvang het.

Ingevolge die kontrak het die kliënt ook spesifiek erken dat sy aansoek om 'n lening vir die betaling van sy skuldeisers nie deel vorm van die ooreenkoms tussen hom en Novio nie en dat afsonderlike ooreenkomste tussen hom en die makelaar aangegaan sal word. Die komitee kon nie een geval vind waar 'n lening in werklikheid aangegaan is nie, en nie een kliënt het ooit werklik enige geld van Novio ontvang nie.

As so 'n lening sou realiseer of die kliënt op 'n ander manier daarin sou slaag om sy skuldeisers se eise ten volle te vereffen, sou 'n bedrag gelyk aan twee persent van die totale skuldverpligting aan Novio betaalbaar word.

Die kontrak sou verstryk sodra al die kliënt se skuld vereffen is of met een maand se wedersydse kennis.

Novio maintained in every case that the desired loan would be available within a matter of days or that the first payments to creditors would commence immediately. In some cases clients were informed by telephone that the money was available and had only to be collected. Clients who arrived to collect money were, however, sent from pillar to post and were eventually told that money actually had to be obtained through a bank or broker.

5. *Novio's contracts and other documentation*

In terms of the standard form contract provided by Novio which had to be filled in by the clients, the client guaranteed that a stated amount represented his total debt obligation. This guarantee exposed the client to a possible breach of contract because it was difficult to calculate such an amount accurately. (See letter from Novio's attorneys re REFICUL INDUSTRIES/A. VILJOEN, dated 9 August 1989.)

In terms of the contract the client undertook to pay a stipulated amount monthly to Novio for provisional distribution among the client's creditors, subject to the provisions of the contract. Failure to comply with this undertaking amounted to breach of contract on the part of the client. This breach constituted a ground on which Novio could cancel the contract, and claim entitlement to retain the moneys received.

Completed contracts were sent to clients accompanied by a letter which stated that Novio would provisionally act in terms of paragraphs 5 and 6 of the contract (the debt distribution arrangement), until paragraph 9 took effect (obtaining of a loan from a third party).

According to paragraph 9 of the contract Novio undertook to introduce the client to a person or institution (a broker) to whom the client could apply for a loan for such amount as would enable him (the client) to discharge, at any stage, his total debt obligation. Clients failed to read the contract and most complainants appear to have been unaware of this clause prior to their entering into the agreement with Novio. They become aware of it when they received the covering letter referred to above.

In terms of the contract the client also specifically acknowledged that his application for a loan for the payment of his creditors did not form part of the agreement between himself and Novio, and that separate arrangements would be made between himself and the broker. The committee could not find one case in which of a loan had actually been effected; nor did one client ever actually receive any money from Novio.

If such a loan were to have materialised or the client were otherwise to have succeeded, in settling the claims of his creditors in full, an amount equal to two per cent of the total debt obligation would become payable to Novio.

The contract would expire when all the client's debts were settled or on one month's mutual notice.

Paragrawe 5 en 6 van die kontrak het gestipuleer dat Novio "Waarborgaktes" aan skuldeisers sou stuur en reëlings met skuldeisers sou tref vir die betaling van gelde aan hulle. Paragraaf 5 het bepaal: "The administrator undertakes that within ten (10) days from the date of closure 2 above-mentioned, that he will make arrangements with debtors/creditors by sending out deeds of guarantees, and speedily thereafter arrange with creditors according to the amount paid in at administrators on a temporary monthly basis on which might be agreed upon for creditors to be paid out".

Die waarborgakte het skuldeisers ingelig dat Novio deur die skuldenaar aangestel is om rekenings by skuldeisers te vereffen en dat betalings maandeliks gedoen sal word. Skuldeisers is versoek om die bedrae van uitstaande skulde te bevestig.

Baie skuldeisers het korrespondensie van Novio summier verwerp en het geweier om hierdie organisasie se reg om namens skuldenaars op te tree, te erken. Novio het versuim om sy swak posisie in die handelsgemeenskap aan voornemende kliënte oor te dra, terwyl dit, na die komitee se mening, duidelik sy plig was om dit te doen.

Ingevolge paragraaf 6 het Novio verder onderneem om namens die skuldenaar op te tree en om die kliënt in kennis te stel as enige van die skuldeisers deelname aan die distribusieooreenkoms weier.

Soos reeds aangedui, het versuim van die kliënt om enige ooreengekome betaling aan Novio te maak, Novio gemagtig om die ooreenkoms te beëindig. As Novio dit nodig sou ag om enige regstappe teen die kliënt te doen, was hy daarop geregtig om sy koste op die hoër skaal van prokureur-en-kliënt-gelde te verhaal. Die kliënt het spesifiek erken dat die gelde wat ingevolge die kontrak gehef word, redelik is. Die komitee wil sy besorgdheid boekstaaf dat verbruikers in gevalle soos dié blootgestel moet word aan kontrakklousules wat hulle aanspreeklik maak vir die betaling van regskoste op prokureur-en-kliënt-basis.

Die standaard kontrak bevat 'n lys van die gelde wat deur die kliënt aan Novio betaalbaar is en bepaal dat betalings wat van kliënte ontvang word, in die eerste plek vir die betaling van Novio se gelde gebruik word. Novio het aanspraak gemaak op 45 persent van die eerste maandelikse of eerste vier weeklikse betalings wat deur die kliënt gedoen word en op 20 persent van alle verdere betalings. 'n Bedrag van R120 is gehef vir die ontvang van instruksies en die opstel van die kontrak. 'n Verdere R75 is gehef vir die verwysing na die geldvoorskieter. Items soos briewe aan kliënte (R7,50) en aan skuldeisers (R6,50), fotostate (R1,20 elk), posgeld (R0,80 per brief), waarborgaktes (R8,00), bekendstellingsbriewe (R6,50) en tjeks wat uitgestuur is (R4,50), was ook op die lys.

Die volgende berekening illustreer die posisie van 'n kliënt wat Novio nader met 'n totale skuld van R10 000. Administrasiekoste kan tipies R650 beloop. As die kliënt 10 paaiemente van R1 000 elk betaal, beloop totale uitbetalings aan Novio R2 900 en bedra kommissie dus R2 250. As dieselfde kliënt 'n aanvanklike betaling van R5 000 doen, gevolg deur vyf maandelikse betalings van R1 000 elk, kan sy totale rekening vir uitbetalings R3 900 bedra. Die bedrag van Novio se vergoeding word dus grootliks deur die bedrag van die

Paragraphs 5 and 6 of the contract stipulated that Novio would send "Deeds of Guarantee" to creditors and would make arrangements with creditors for the payment of moneys to them. Paragraph 5 provided: "The administrator undertakes that within ten (10) days from date of closure 2 above mentioned, that he will make arrangements with debtors/creditors by sending out deeds of guarantees, and speedily thereafter arrange with creditors according to amount paid in at administrators on a temporary monthly basis on which might be agreed upon for creditors to be paid out".

The deed of guarantee informed creditors that Novio had been appointed by the debtor to discharge accounts with creditors and that payments would be made monthly. Creditors were requested to confirm the amounts of outstanding debts.

Many creditors rejected communications from Novio outright, and refused to recognise the right of this organisation to act on behalf of debtors. Novio failed to communicate its poor standing with the commercial community to prospective clients when, in the committee's view, it had a clear duty to do so.

In terms of paragraph 6 Novio further undertook to act on behalf of the debtor and to inform the client if any of the creditors declined participation in the distribution arrangement.

As indicated failure by the client to make any agreed payment to Novio entitled Novio to terminate the agreement. Should Novio have found it necessary to institute any legal proceedings against the client it was entitled to recover its costs on the higher scale of attorney and client fees. The client specifically acknowledged that the fees levied in terms of the contract were reasonable. The committee wishes to record its concern that consumers should in cases like these be exposed to contractual clauses making them liable for the payment of legal costs on attorney and client basis.

The standard form contract contained a schedule of the fees payable by the client to Novio and stipulated that payments received from clients would in the first place be applied towards the payment of Novio's fees. Novio laid claim to 45 per cent of the first monthly or first four weekly payments made by the client and to 20 per cent of all further payments. A fee of R120 was claimed for the taking of instructions and for the drafting of the contract. A further R75 was claimed for the reference to the money lender. Items such as letters to clients (R7,50), to creditors (R6,50), photocopies (R1,20 each), postage (R0,80 per letter), deeds of warranty (R8,00), letters of presentation (R6,50), and cheques sent out (R4,50) were also listed.

The following calculation illustrates the position of a client who approached Novio with a total debt of R10 000. Administrative costs could typically amount to R650. If the client paid 10 instalments of R1 000 each, total disbursements to Novio would amount to R2 900, commission thus amounting to R2 250. Had the same client made an initial payment of R5 000, followed by five monthly payments of R1 000 each, his total account for disbursements may have amounted to R3 900. The amount of Novio's remuneration is thus

kliënt se eerste betaling bepaal. 'n Kliënt wat 'n totale skuld van bykans R200 000 gehad het, het 'n deposito van R7 680 betaal. In hierdie kliënt se geval het administrasiekoste R3 274 beloop en die kommissie R3 456. Dié kliënt het 'n vorm vir aansoek om skulddistribusie sowel as 'n onherroeplike volmag onderteken wat Novio magtig om 'n lening van R192 000 namens hom aan te gaan.

6. *Die sakepraktyk*

Die beweerde sakepraktyk wat die onderwerp van die ondersoek was, behels aan die een kant die verlening van finansiële bystand aan verbruikers in die vorm van lenings wat van derde partye verkry word, en aan die ander kant skuldbemiddeling tussen verbruikers en skuldeisers.

Hoewel Novio voorgegee het dat hy sake doen deur die toestaan van lenings aan verbruikers, was dit net 'n front om geld uit hulle te trek in die vorm van die eerste betaling ingevolge die distribusieooreenkoms. Selfs waar daar 'n duidelike verstandhouding was dat Novio 'n lening sou toestaan, het geen lenings in werklikheid gerealiseer nie, en daar is 'n sterk vermoede dat Novio geweet het dat daar geen lenings beskikbaar is of ooit sal wees nie.

Die skema van skulddistribusie wat deur Novio bedryf is, was niks meer nie as 'n voorwendsel om verbruikers wat dit die minste kan bekostig, te stroop van geld wat nodig was vir huishoudelike doeleindes of om aan die eise van skuldeisers te voldoen.

Vertrouend op hulle ooreenkoms met Novio en beloftes wat deur sy werknemers gemaak is, het baie verbruikers hulle betalings aan skuldeisers gestaak en hul betalings aan Novio gerig. Dit het in verskeie gevalle daartoe gelei dat skuldeisers regstappe teen sulke verbruikers ingestel het, wat daartoe gelei het dat hulle huise, voertuie en meubels verloor het. Novio het, bo en behalwe om geld van verbruikers te neem waarvoor daar min waarde in ruil gegee is, sy kliënte se kontraktuele ooreenkomste met hulle skuldeisers ontwrig, en daardeur die skade wat hulle gely het, vergroot en vererger.

Om Novio se rekeningkundige rekords as 'n boekhoustelsel te beskryf, doen die uitdrukking geweld aan. Daar is geen poging aangewend om trustgelde te identifiseer nie. Gelde wat ontvang is, is nie in 'n trustrekening gedeponeer nie, maar in verskillende gewone bankrekenings. Tjeks wat oënskynlik aan kliënte se skuldeisers uitgemaak is en gewissel is, kon nie na skuldeisers teruggevoer word nie. Kliënte se gelde is direk gebruik om vir Novio se bedryfsuitgawes en salarisse te betaal. Die komitee het 'n sterk vermoede dat Novio alle gelde wat ontvang is, sonder meer as sy eie beskou het.

Toe kliënte begin het om navraag te doen oor waarom lenings nie gerealiseer het of waarom skuldeisers nie betalings van Novio ontvang het nie, is doelbewuste ontduikings- en vertragingstaktieke dikwels toegepas. Lêers is verlê of daar is gesê dat die fotostaatmasjien buite werking was; dit was feitlik onmoontlik om beamptes van Novio telefonies te bereik; boodskappe het onbeantwoord gebly en besoeke deur kliënte aan die kantore is ontmoedig; talle verskonings is aangevoer waarom beamptes nie beskikbaar is nie.

largely determined by the amount of the client's first payment. A client who had total debts of close to R200 000 made a deposit of R7 680. In this client's case administrative fees amounted to R3 274, and commission to R3 456. This client signed both a debt distribution application form and an irrevocable power of attorney, authorising Novio to obtain a loan of R192 000 on his behalf.

6. *The business practice*

The alleged business practice which was the subject of the investigation involves on the one hand the advancing of financial assistance to consumers in the form of loans to be obtained from third parties, and on the other hand debt mediation between consumers and creditors.

While Novio purported to be in the business of advancing loans to consumers this was merely a facade for extracting money from them in the form of the first payment under the distribution arrangement. Even where there was a clear understanding that Novio would advance a loan no loans actually materialised and there is a strong inference that Novio knew that no loans were available or would ever be available.

The scheme of debt distribution operated by Novio was nothing more than a pretext for fleecing consumers who could least afford it of money needed for household purposes or for meeting the claims of creditors.

In reliance of their agreement with Novio and promises made by its employees, many consumers discontinued their payments to creditors, and redirected their payments to Novio. In several cases this led to creditors taking legal action against such consumers, causing them to lose homes, vehicles and furniture. Novio, in addition to taking from consumers money for which little value was given in return, disrupted its clients' contractual arrangements with their creditors, thus magnifying and compounding the harm suffered by them.

It would do violence to the term to describe Novio's accounting records as a system of bookkeeping. No effort was made to identify trust moneys. Funds received were not deposited in a trust account but were deposited in several ordinary bank accounts. Cheques ostensibly made out to client's creditors that were cashed could not be traced to creditors. Client funds were applied directly to pay for Novio's business expenses and salaries. The committee has a strong suspicion that Novio summarily treated all moneys received as its own.

When clients started to make enquiries as to why loans had not materialised or why creditors had not received payments from Novio deliberate tactics of evasion and delay were frequently applied. Files were misplaced or the photocopier was said to be out of order; it was virtually impossible to contact officials of Novio by telephone; messages went unanswered and visits by clients to the offices were discouraged; numerous excuses were offered as to why officials were unavailable.

Talle verbruikers het uit pure desperaatheid na Novio se kantore toe gegaan. As kliënte daarin geslaag het om met Novio te skakel, is daar aan hulle gesê dat hulle aansoeke na 'n makelaar gestuur is vir goedkeuring, en dat hulle spoedig oor die uitslag van die aansoek ingelig sal word. Fotostatiese afdrukke van tjeks wat deur Novio aan skuldeisers uitgemaak is, is dikwels aan kliënte gestuur of getoon in 'n deursigtige poging om hulle onder die indruk te bring dat die skuldeisers wel betaal word. In 'n paar gevalle is betalings van relatief klein bedrae in werklikheid gedoen. Hierdie blufbetalings is bedoel om kliënte se agterdog en vrese te besweer.

7. *Evaluering van die sakepraktyk*

Ingevolge artikel 1 (x) van die Wet beteken "sakepraktyk" ook (a) enige ooreenkoms, reëling of verstandhouding, hetsy regtens afdwingbaar of nie, tussen twee of meer persone; en (b) enige skema, praktyk of handelsmetode.

Die komitee is oortuig dat die sakepraktyk wat in afdelings 3 tot 6 van hierdie verslag beskryf word, vir die doeleindes van artikel 1 (x) van die Wet 'n sakepraktyk uitmaak.

Artikel 1 (xi) van die Wet bepaal dat 'n skadelike sakepraktyk enige sakepraktyk is wat regstreeks of onregstreeks die uitwerking het of waarskynlik sal hê om—

(a) die verhoudinge tussen besighede en verbruikers te skaad;

(b) enige verbruiker onredelik te benadeel; of

(c) enige verbruiker te mislei.

7.1 *Skadelike sakepraktyk*

Die aard van verbruikersuitbuiting kan dikwels met een van die volgende omstandighede verband hou, naamlik gebrekkige instemming tot 'n kontrak deur 'n verbruiker; misleiding van die verbruiker; en onbillike kontrakbepalings, wat veral by kontrakte in standaard vorm algemeen is. In Novio se geval was al hierdie elemente teenwoordig.

Gebrekkige instemming kom byvoorbeeld voor as onredelike verkoopdruk op 'n verbruiker uitgeoefen word of as sy onkunde, swak geletterdheid of ander onvermoë op oneerlike wyse uitgebuit word. Misleiding kan as een van die meer prominente oorsake van gebrekkige instemming by verbruikers gesien word. In sommige gevalle kan gebrekkige instemming of misleiding bedrog uitmaak. Kontrakbepalings kan markrealiteite soos die verbruiker se relatiewe kennis, geletterdheidsvlak en handelsondervinding, die skaarsheid van die produk of diens en die vlak van mededinging in die spesifieke mark weerspieël.

Gedurende die Middeleeue is daar geglo dat daar so iets soos 'n billike of regverdige prys is. Vandag weet ons egter dat burokrate nie markpryse kan bepaal nie en dat prysbeheer selde, indien ooit, in belang van die verbruiker is en dat dit hom waarskynlik eerder sal benadeel. Hoewel daar aanvaar word dat dit nie vir 'n derde party moontlik is om te bepaal in watter markverhouding 'n prys en 'n spesifieke produk/diens kontraktueel teenoor mekaar moet staan nie, kan 'n opvallende wanbalans tussen 'n prys en 'n sekere produk/diens in 'n gegewe geval tot die gevolgtrekking lei dat een van die partye nie die kontrak sou gesluit het as hy die inhoud daarvan verstaan het nie of dat hy die kontrak as gevolg van misleiding of onredelike druk gesluit het.

Numerous consumers came to Novio's offices in sheer desperation. When clients succeeded in making contact with Novio they were told that their applications had been forwarded to a broker for approval, the outcome of which application they would be informed shortly. Photostat copies of cheques which had been made out by Novio to creditors were frequently sent or shown to clients, in a transparent effort to lead them to believe that creditors were actually being paid. In a few cases payments of relatively minor amounts were actually made. These token payments were designed to allay clients' suspicions and fears.

7. *Evaluation of the business practice*

In terms of section (1) (iii) of the Act "business practice" includes (a) any agreement, arrangement or understanding, whether legally enforceable or not, between two or more persons; and (b) any scheme, practice or method of trading.

The committee is satisfied that the business practice described in sections 3 to 6 of this report amounts to a business practice for the purposes of section 1 (iii) of the Act.

Section 1 (vii) of the Act provides that a harmful business practice is constituted by any businesses practice which, directly or indirectly, has or is likely to have the effect of—

(a) harming the relations between businesses and consumers;

(b) unreasonably prejudicing any consumer; or

(c) deceiving any consumer.

7.1 *Harmful business practice*

The nature of consumer exploitation can frequently be related to one of the following circumstances, namely defective consent by a consumer to a contract; deception of the consumer; unfair contractual terms which are particularly prevalent in standard form contracts; and defective performance by firms. In Novio's case all these elements were present.

Defective consent may for example be encountered when unreasonable sales pressure is exerted on a consumer or when his ignorance, poor literacy or other inability is dishonestly exploited. Deception can be viewed as one of the more prominent causes of defective consent by consumers, in some cases defective consent or deception may amount to fraud. Contractual terms may reflect market realities such as the consumer's relative knowledge, literacy levels, commercial expertise, the scarcity of the product or service and the level of competition in the particular market.

During the middle ages it was thought that there was something such as a fair or just price. Today we know however that bureaucrats cannot determine market prices and that price control is seldom if ever in the interest of the consumer and is moreover likely to harm him. While it is accepted that it is not possible for a third party to determine in what market relationship a price and a particular product/service ought to stand to each other contractually, a striking imbalance in a given case between a price and a certain product/service can lead to the inference that one of the parties would not have concluded the contract if he had understood its contents, or that he concluded the contract as a result of deception or unreasonable pressure.

Verbruikers kla dikwels oor gebrekkige prestasie. Die gevolge benadeel sowel besighede as verbruikers. Gebrekkige prestasie en die inhoud van 'n kontrak hou egter direk met mekaar verband. [Kyk in die algemeen Coote B *Exception Clauses* (1964) Sweet & Maxwell, Londen.]

'n Spesifieke kontrak kan byvoorbeeld so bewoord word dat dit die prestasie wat verbruikers redelikerwys kan verwag, uitsluit. Die verpligtinge van die besigheid kan op so 'n wyse bewoord word dat hy wesenlik onthef word van die lewering van selfs skromelik gebrekkige prestasie. In dié sin kan die kontrak self deel vorm van bedrog teen die verbruiker. By die evaluering van Novio se sakepraktyk het die komitee van die standpunt uitgegaan dat Novio se kontrak saam met sy handelinge oorweeg moet word.

Skulddistribusie en bemiddeling kan oor die algemeen beskryf word as optrede deur 'n bemiddelaar wat onderneem om namens 'n skuldenaar betalings aan skuldeisers oor te dra en/of om met skuldeisers te onderhandel met die oog daarop om toegewings deur die skuldeiser aan die skuldenaar te verkry.

Ingevolge die prosedure wat by artikel 74 van die Wet op Landdroshowe, Wet 32 van 1944, bepaal word, kan 'n landdroshof, as 'n skuldenaar nie in staat is om die bedrag van 'n vonnis wat in die hof teen hom verkry is, te betaal of om sy finansiële verpligtinge na te kom nie, 'n administrasiebevel verleen waarin daar voorsiening gemaak word vir die administrasie van die skuldenaar se boedel en vir die vereffening van sy skuld in paaiemente of andersins. Die skuldenaar kan self om 'n administrasiebevel aansoek doen. Die prosedure is beskikbaar slegs as die totale bedrag van die skuld nie R20 000 te bowe gaan nie (kyk Goewermentskennisgewings R. 2736 en 11063 van 1987-12-11, Regulasiekoerant 4158).

Die voorgeskrewe prosedure vereis dat gespesifiseerde inligting in die vorm van 'n beëdigde verklaring aan die hof verskaf moet word. Ongeletterde skuldenaars kan deur die klerk van die hof gehelp word om die nodige vorm in te vul.

'n Administrasiebevel wat deur die hof verleen word, spesifiseer die bedrag van betalings wat ingevolge die administrasiebevel deur die skuldenaar aan die administrateur gedoen moet word. 'n Administrateur wat nie 'n amptenaar van die hof of 'n regspraktisyn is nie, moet sekuriteit gee vir die behoorlike en stiptelike betaling deur hom van alle gelde wat in sy besit gekom het op grond van sy aanstelling as administrateur.

'n Administrateur moet alle gelde wat hy van of namens skuldenaars wie se boedels onder administrasie is, ontvang, in 'n afsonderlike trustrekening by enige bank in die Republiek inbetaal as hy nie 'n praktiserende prokureur is nie, en as hy 'n praktiserende prokureur is, in die trustrekening wat hy hou ingevolge artikel 33 van die Toelating van Prokureurs, Notarisse en Transportbesorgers Wet, No. 23 van 1934. Geen bedrae waarmee sulke rekenings gekrediteer word, word geag deel te wees van die administrateur se bates of, in geval van sy dood of insolvensie, van sy bestorwe of insolvente boedel nie.

Consumers frequently complain about defective performance. The consequences prejudice both businesses and consumers. Defective performance and contractual content, however, are directly linked. [See generally Coote B *Exception Clauses* (1964) Sweet & Maxwell London.]

A particular contract can, for example, be so phrased as to exclude the performance which consumers might reasonably expect. The obligations of the business can be phrased in such a way that it is substantially indemnified against rendering even grossly defective performance. In this sense the contract itself can form part of a fraud on the consumer. In assessing the business practice of Novio the committee has taken the view that Novio's contract must be considered in conjunction with its actions.

Debt distribution and mediation can in general be described as action by a mediator who undertakes to transfer payments to creditors on behalf of a debtor and/or to negotiate with creditors with a view to obtaining concessions by the creditor to the debtor.

In terms of the procedure set out by section 74 of the Magistrates' Courts Act, 32 of 1944, a magistrate's court may, when a debtor is unable to pay the amount of any judgment obtained against him in court, or to meet his financial obligations, grant an administration order whereby provision is made for the administration of the debtor's estate and for the settlement of his debts in instalments or otherwise. The debtor himself may apply for an administration order. The procedure is available only where the total amount of debts does not exceed R20 000 (see GN R2736, GG 11063, 1987-12-11, RG 4158).

The prescribed procedure requires that specified information must be furnished to the court in the form of an affidavit. Illiterate debtors can be assisted by the clerk of the court to complete the necessary form.

An administration order granted by the court specifies the amount of payments to be made by the debtor to the administrator in terms of the administration order. An administrator who is not an officer of the court or legal practitioner must give security for the due and prompt payment by him of all moneys which come into his possession by virtue of his appointment as an administrator.

An administrator must deposit all moneys received by him from or on behalf of debtors whose estates are under administration, if he is not a practising attorney, in a separate trust account with any bank in the Republic, and, if he is a practising attorney, in the trust account that he keeps in terms of section 33 of the Attorneys, Notaries and Conveyancers Admission Act, No. 23 of 1934. No amounts with which such accounts are credited shall be deemed to be part of the administrator's assets or, in the event of his death or insolvency, of his deceased or insolvent estate.

'n Skuldenaar ten opsigte van wie 'n administrasiebevel uitgereik is, moet aan die administrateur die bedrae betaal van die weeklikse of maandelikse of ander betalings wat hy ingevolge die administrasiebevel moet doen. 'n Administrateur moet gereelde betalings aan skuldeisers doen en moet daarvan rekenskap gee deur die indiening van 'n distribusierekening by die klerk van die hof, waar dit vir die skuldenaar en die skuldeisers of hulle prokureurs ter insae lê.

'n Administrateur kan met grondige redes onthef word van sy aanstelling deur die hof en kan, indien hy versuim om gelde in 'n geskikte trustrekening te betaal, aan 'n misdryf skuldig bevind word.

Voordat 'n distribusie gedoen word, kan 'n administrateur die nodige uitgawes en vergoeding aftrek ooreenkomstig die voorgeskrewe tarief [kyk Aanhangsel 2 van Paragraaf 1 (b) van Deel II van Tabel B van die Regulasies kragtens die Wet]. Genoemde uitgawes en vergoeding mag nie 12½ persent van die bedrag van ingevorderde gelde wat ontvang is, te bowe gaan nie en sodanige uitgawes en vergoeding is, op aansoek van 'n belanghebbende party, onderworpe aan taksasie deur die klerk van die hof en hersiening deur 'n regterlike amptenaar [artikel 74L (2) van die Wet op Landdroshowe].

In die hipotetiese geval van die verbruiker hierbo wat skuld van altesaam R10 000 het, sal so 'n verbruiker, as hy ingevolge artikel 74 van die Wet op Landdroshowe onder administrasie is en tien maandelikse betalings van R1 000 elk doen, R1 250 aan die administrateur betaal vir dienste gelewer, vergeleke met Novio se kliënt wat R2 900 aan Novio sou moet betaal. As albei kliënte 'n aanvanklike betaling van R5 000 gedoen het, gevolg deur vyf betalings van R1 000, sou die verbruiker onder administrasie kragtens artikel 74 steeds R1 250 betaal, terwyl Novio se kliënt R3 900 sou betaal.

7.2 *Openbare belang*

Die toepassing van die Wet op Skadelike Sakepraktyke moet gesien word teen die agtergrond van faktore soos die breër sosio-ekonomiese situasie; die ontoeganklikheid van die howe, veral weens hoë regskoste; en die oorlading van die Suid-Afrikaanse Polisie met die ondersoek en voorkoming van geweldsmisdade, wat 'n situasie tot gevolg het waar optrede in die handelsfeer wat moontlik kriminele vervolging tot gevolg kon gehad het, nie altyd die aandag kry wat dit verdien nie.

Die ontoeganklikheid van die siviele regstelsel beteken dat selfs die regte van verbruikers wat teoreties deur die reg beskerm word, maklik ongestraf geskend kan word. Die onontbeerlike selfregstellingsneiging van die mark word hierdeur van wesenlike ondersteuning ontneem.

Verbruikers wat verwag het om lenings te kry, het net bykomende uitgawes opgeloop toe geen lenings in werklikheid gerealiseer het nie.

A debtor in respect of whom an administration order has been issued must pay to the administrator the amounts of the weekly or monthly or other payments that he is required to make in terms of the administration order. An administrator must make regular payments to creditors and must give account by means of the lodging of a distribution account with the clerk of the court where it is open to inspection by the debtor and the creditors or their attorneys.

An administrator may on good cause shown be relieved of his appointment by the court, and may, in the event of his failure to deposit moneys in an appropriate trust account, be found quilty of an offence.

Before making a distribution an administrator may deduct necessary expenses and remuneration as provided for according to the prescribed tariff [see Annexure 2 of Paragraph 1 (b) of Part II of Table B of the Regulations to the Act]. The said expenses and remuneration may not exceed 12½ per cent of the amount of collected moneys received and such expenses and remuneration shall, upon application by an interested party, be subject to taxation by the clerk of the court and review by any judicial officer [section 74L (2) of the Magistrates' Courts Act].

In the hypothetical case of the consumer above who has debts totalling R10 000, such a consumer, when under administration in terms of section 74 of the Magistrates' Act and making ten monthly payments of R1 000 each, would disburse R1 250 to the administrator for services rendered, as compared to Novio's client who would pay Novio R2 900. If both clients made an initial payment of R5 000, followed by five payments of R1 000, the consumer under administration in terms of section 74 would still be disbursing R1 250, while Novio's client would be disbursing R3 900.

7.2 *The public interest*

The application of the Harmful Business Practices Act must be seen against the background of factors such as the broader socio-economic situation; the inaccessibility of the courts, especially due to high legal costs; and the overloading of the South African Police with the investigation and prevention of crimes of violence, which brings about a situation where conduct in the commercial sphere which might possibly have resulted in criminal prosecution does not always get the attention which it deserves.

The inaccessibility of the civil legal system means that even the rights of consumers which are theoretically protected by the law can easily be violated with impunity. The indispensable self corrective tendency of the market is deprived hereby of material supports.

Consumers who expected to receive loans incurred only an additional expenditure when, as a matter of fact, no loans materialised.

Verbruikers wat hulle hoop daarop gevestig het om hulle skuldeisers deur Novio te vervang deur middel van 'n konsolidasie van skuld en vervanging van skuldeisers, het ontdek dat Novio bloot onderneem het om betalings van hulle in te vorder en 'n beperkte bedrag aan skuldeisers toe te deel. Fondse wat aan Novio toevertrou is vir oordrag aan skuldeisers, is deur Novio se gelde uitgeput. Skuldeisers het min gekry.

Die komitee bevind dat Novio se sakepraktyke 'n skadelike sakepraktyk uitmaak. Daar bestaan geen twyfel nie dat die hele gemeenskap sakepraktyke van hierdie aard sal afkeur en verwerp.

Novio se finansierings- en distribusiebesigheid was 'n front waardeur sakeskuldeisers en Novio se kliënte mislei is en wat tot gevolg gehad het dat albei, maar veral die kliënte, aansienlike finansiële verliese gely het. Die komitee is van mening dat alle gelde wat deur Novio ontvang is, as 'n verlies vir die publiek gereken moet word. Die publiek het geld aan Novio oorgedra en niks in ruil daarvoor gekry nie.

In die lig van sy bevinding dat Novio se sakepraktyke 'n skadelike sakepraktyk uitmaak, moet die komitee besin of hierdie skadelike sakepraktyk in die openbare belang geregverdig kan word, byvoorbeeld op die grond dat die lewering van 'n belangrike diens aan armer verbruikers nadelig geraak sal word. In hierdie geval kon die komitee geen sodanige gronde vind nie. Hoewel daar 'n behoefte is aan die soort diens wat Novio voorgegee het om te lewer, is dit 'n feit dat Novio geen werklike diens gelewer het nie. Die komitee bevind dat die sakepraktyk soos dit deur Novio toegepas is, nie in openbare belang geregverdig is nie.

8. *Gevolgtrekking en aanbevelings*

In voorstellings aan kliënte het Novio onderneem om sy kliënte finansieel te ondersteun of om hulle verpligtinge teenoor skuldeisers op hom te neem met terugbetaling deur die kliënte. Die kontrakvorms wat aan kliënte verskaf is, verskil wesenlik van die mondelinge voorstellings wat gemaak is. Met uitsondering van enkele blufbetalings het Novio geen prestasie gelewer in ruil vir die aansienlike bedrae geld wat hy van kliënte ontvang het nie.

Lenings is nie werklik beskikbaar gestel nie en die skyndistribusieproses was oëverblindery. Novio het versuim om sy swak posisie in die handelsgemeenskap aan verbruikers oor te dra. Die bestuur van die skynfinansierings- en distribusiebesigheid was 'n dekmantel om niksvermoedende verbruikers wat reeds in die knyp was, van hulle heel laaste geld te ontneem. Die skuldeisers se belange is ook benadeel deurdat Novio fondse geabsorbeer het wat andersins aan hulle betaal kon word. Novio was heeltemal onbevoeg om 'n skuldraadgewings- en adviesdiens aan verbruikers te lewer, en dit is wat hy ook voorgegee het om te doen.

In die bestek van minder as 'n jaar het Novio meer as R1,3 miljoen van verbruikers ontvang, waarvan min na die skuldeisers gegaan het. Die meeste van die geld is aan kliënte gedebiteer vir skyndienste en beweerde administrasiekoste. Gedurende hierdie tydperk het vier van Novio se werknemers meer as R460 000 aan kommissie en salaris "verdien".

Consumers who fixed their hopes on having Novio substituted for their creditors by means of a consolidation of debt and substitution of creditors discovered that Novio merely undertook to collect payments from them and to apportion a limited amount among creditors. Moneys entrusted to Novio for transmission to creditors were exhausted by Novio's fees. Creditors got little.

The committee finds that the business practices of Novio constitute a harmful business practise. There is no doubt that the whole community will disapprove of and reject business practices of this nature.

Novio's financing and distribution business was a front by means of which business creditors and Novio's clients were misled and as a consequence of which both, but particularly the clients, suffered extensive financial losses. The committee's view is that all moneys received by Novio must be counted as a loss to the public. The public transferred money to Novio and received nothing in return.

In the light of its finding that Novio's business practices constitute a harmful business practice the committee must consider whether this harmful business practice can be justified in the public interest, for example on the basis that the rendering of an important service to poorer consumers will be adversely affected. In the present case the committee could find no such grounds. While there is a need for the kinds of services Novio purported to render the fact is that Novio did not render any actual service. The committee finds that the business practice as applied by Novio is not justified in the public interest.

8. *Conclusion and recommendations*

In representations to clients Novio undertook to support its clients financially or to assume their obligations to creditors, upon repayment from the clients. The contract forms presented to clients differed substantially from the oral representations made. With the exception of solitary token payments Novio rendered no performance in return for the substantial amounts which it received from clients.

Loans were not actually made available and the simulated distribution process was make-believe. Novio failed to communicate to consumers its poor standing with the commercial community. The operation of the simulated financing and distribution business was a cloak for depriving unsuspecting and already hard pressed consumers of their very last funds. The interests of creditors were also harmed in that Novio absorbed funds which might otherwise have been paid to them. Novio was totally unqualified to render a debt counselling and advice service to consumers, which is what it also purported to do.

In the space of less than a year Novio obtained more than R1,3 million from consumers, little of which found its way to creditors. Most of this money was debited to clients for pretended services and spurious administrative costs. During this period four of Novio's employees "earned" in excess of R460 000 in commissions and salary.

Aan nie een van die kliënte wat om 'n lening aansoek gedoen het (of gedink het dat hulle om 'n lening aansoek doen), is ooit 'n sent voorgeskiet nie. In die geval van kliënte wat besef het dat hulle 'n distribusiekontrak aangegaan het, het feitlik geeneen van hulle skuldeisers enige betalings ontvang nie, en waar dit wel gebeur het, was sulke betalings onbeduidend. Selfs al sou daar aanvaar word dat Novio se skulddistribusie nie die oëverblindery en bedrog is wat dit ongetwyfeld is nie, is die vergoedingsbasis wat in sy kontrakte gestipuleer word, so buitensporig dat dit net as gewetenlose uitbuiting beskryf kan word. Novio het verder kontrakbepalings gebruik wat onaanvaarbaar is in omstandighede waar verbruikers in geldelike nood finansiële advies nodig het. Gelde wat in 'n trustrekening gedeponeer moes word, is met algemene fondse gemeng. Daar is ook 'n moontlikheid dat Novio in gevalle waar transaksies met kliënte die toestaan van 'n lening behels het, versuim het om aan die bepalings van artikel 2 (10) van die Woekerwet, No. 73 van 1968, te voldoen.

Novio se optrede kom neer op opsetlike en gewetenlose verbruikersuitbuiting in die ergste graad. Verbruikers in geldelike nood wat hierdie besigheid genader het om finansiële hulp ter vermindering of vereffening van skuldeisers se eise, het net meer geld vir Novio ingebring. Geeneen van Novio se kliënte het enige beduidende voordeel uit sy of haar verhouding met Novio getrek nie, en hulle het hoofsaaklik finansiële verliese en teleurstelling op die lyf geloop.

Die komitee bevind dat die sakepraktyk van die partye soos in hierdie verslag beskryf, vir die doeleindes van artikel 10 (2) van die Wet 'n skadelike sakepraktyk uitmaak en dat sodanige skadelike sakepraktyk nie in openbare belang geregverdig is nie. Geen reëling wat deur die Minister ingevolge artikel 11 (2) bevestig is, is met die partye getref nie.

Aangesien sekere persone Novio se diens verlaat het en Reficul besigheid gestaak het, word daar aanbeveel dat "partye" vir die doeleindes van optrede deur die Minister mnre. Lucifer Spokie van Zyl, André Smith, Jan Human, Philip Venter en Novio Financial Advisors BK (BK90/24792/23) moet insluit.

Daar word aanbeveel dat die Minister—

(a) ingevolge artikel 12 (1) (b) van die Wet die sakepraktyk onwettig verklaar waardeur die partye—

(i) finansiering beskikbaar stel;

(ii) bystand aan skuldenaars verleen; of

(iii) betalings namens skuldenaars aan skuldeisers onderneem;

(b) ingevolge artikel 12 (1) (c) van die Wet die partye gelas om af te sien van die toepassing of voortsetting van enige sakepraktyk waarvan die beskikbaarstelling van finansiering, die verlening van hulp aan verbruikers of die onderneming van betaling namens skuldenaars aan skuldeisers deel uitmaak, en om op te hou om enige belang te hê in 'n besigheid of tipe besigheid wat so 'n sakepraktyk toepas of om enige inkomste daaruit te kry en om daarvan af te sien om te eniger tyd enige belang in 'n besigheid of tipe besigheid wat so 'n sakepraktyk toepas, te verkry of om enige inkomste daaruit te verkry.

PROF LOUISE TAGER,
Voorsitter: Sakepraktykekomitee.

(15 November 1991)

None of the clients who applied for a loan (or thought they were applying for a loan) ever had a cent advanced. In the case of clients who appreciated that they were entering into a distribution contract virtually none of their creditors received any payments, and when they did, such payments were insignificant. Even if it were accepted that Novio's debt distribution was not the pretence and sham which it undoubtedly was, the basis of remuneration stipulated in its contracts is so exorbitant that it can only be described as unscrupulous exploitation. Novio moreover employed contractual terms which are unacceptable in a setting where consumers in financial distress are in need of financial counselling. Moneys which ought to have been deposited to a trust account were mixed with general funds. There is also a possibility that in cases where transactions with clients involved the advancing of a loan, Novio may have failed to have complied with the provisions of section 2 (10) of the Usury Act, No. 73 of 1968.

Novio's conduct amounts to deliberate and unscrupulous consumer exploitation of the worst kind. Consumers in financial distress who approached this business for financial aid to be applied towards reducing or settling creditors' claims merely yielded more money to Novio. No client of Novio derived any significant advantage from his or her relationship with Novio and primarily incurred financial loss and disappointment.

The committee finds that the business practice of the parties as described in this report constitutes a harmful business practice for the purposes of section 10 (2) of the Act and that such harmful business practice is not justified in the public interest. No arrangement has been made with the parties which has been confirmed by the Minister in terms of section 11 (2).

As certain persons have left Novio's employ and Reficul has ceased business it is recommended that for the purposes of action by the Minister "parties" should include messrs. Lucifer Spokie van Zyl, Andrè Smith, Jan Human, Philip Venter and Novio Financial Advisors CC (CK90/24792/23).

It is recommended that the Minister—

(a) under section 12 (1) (b) of the Act declares unlawful the business practice whereby the parties—

(i) make financing available;

(ii) render assistance to debtors; or

(iii) undertake payments on behalf of debtors to creditors;

(b) under section 12 (1) (c) of the Act direct the parties to refrain from the application or continuation of any business practice of which the making availability of financing, the rendering of assistance to consumers, or the undertaking of payments on behalf of debtors to creditors forms part, and to cease to have any interest in a business or type of business which applies such a business practice or to derive any income therefrom and to refrain from at any time obtaining any interest in or deriving any income from a business or type of business applying such a business practice.

PROF LOUISE TAGER,
Chairman: Business Practices Committee.

(15 November 1991)

KENNISGEWING 1087 VAN 1991

DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID

WET OP SKADELIKE SAKEPRAKTYKE, 1988

Ek, David de Villiers Graaff, Adjunkminister van Handel en Nywerheid en Toerisme, handelende namens die Minister van Handel en Nywerheid en Toerisme, na oorweging van 'n verslag deur die Sakepraktykekomitee met betrekking tot 'n ondersoek waarvan in Kennisgewing 256 van 1991 in *Staatskoerant* No. 13061 van 15 Maart 1991 kennis gegee is, welke verslag gepubliseer is in Kennisgewing 1086 in *Staatskoerant* No. 13620 van 15 November 1991, is van oordeel dat 'n skadelike sakepraktyk bestaan wat nie in die openbare belang geregverdig is nie, en oefen hiermee my bevoegdhede uit kragtens artikel 12 (1) (b) en (c) van die Wet op Skadelike Sakepraktyke, 1988 (Wet No. 71 van 1988), soos in die Bylae uiteengesit.

D. DE V. GRAAFF,
Adjunkminister van Handel en Nywerheid en Toerisme.

BYLAE

In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"**skadelike sakepraktyk**" die beskikbaarstelling van finansiering, die verlening van bystand aan skuldenaars of die onderneem van betalings namens skuldenaars aan skuldeisers deur die partye;

"**die partye**" mnre. Lucifer Spokie van Zyl, André Smith, Jan Human, Philip Venter en Novio Financial Advisors BK (CK90/24792/23), hetsy hulle onafhanklik of tesame met iemand anders optree.

1. Die skadelike sakepraktyk word hiermee onwettig verklaar.

2. Die partye word hiermee gelas—

(a) om af te sien van die toepassing van die skadelike sakepraktyk;

(b) om op te hou om enige belang in 'n besigheid of tipe besigheid te hê wat die skadelike sakepraktyk bedryf, of om enige inkomste daaruit te verkry;

(c) om te gener tyd die skadelike sakepraktyk te bedryf nie;

(d) om te gener tyd enige belang in 'n besigheid of tipe besigheid wat die skadelike sakepraktyk bedryf te bekom nie, of om enige inkomste daaruit te verkry nie.

3. Hierdie kennisgewing tree in werking op die datum van publikasie hiervan.

(15 November 1991)

KENNISGEWING 1088 VAN 1991

VERBETERINGSKENNISGEWING

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK

ARTIKEL 30 VAN DIE WET OP DEPOSITO-NEMENDE INSTELLINGS, 1990

FINALE REGISTRASIE: FRENCH BANK OF SOUTHERN AFRICA BEPERK

Algemene Kennisgewing 1011 in *Staatskoerant* No. 13597 van 1 November 1991 word hiermee gewysig deur die datum 1991-09-17 in die Afrikaanse teks te vervang met die datum 1991-10-17.

(15 November 1991)

NOTICE 1087 OF 1991

DEPARTMENT OF TRADE AND INDUSTRY

HARMFUL BUSINESS PRACTICES ACT, 1988

I, David de Villiers Graaff, Deputy Minister of Trade and Industry and Tourism, acting on behalf of the Minister of Trade and Industry and Tourism, after having considered a report by the Business Practices Committee in relation to an investigation of which notice was given in Notice 256 published in *Government Gazette* No. 13061 of 15 March 1991, which report was published in Notice 1086 in *Government Gazette* No. 13620 of 15 November 1991, and being of the opinion that a harmful business practice exists which is not justified in the public interest, hereby exercise my powers in terms of section 12 (1) (b) and (c) of the Harmful Business Practices Act, 1988 (Act No. 71 of 1988), as set out in the Schedule.

D. DE V. GRAAFF,
Deputy Minister of Trade and Industry and Tourism.

SCHEDULE

In this notice, unless the context indicates otherwise—

"**harmful business practice**" means the making available of financing, the rendering of assistance to debtors or the undertaking of payments on behalf of debtors to creditors by the parties;

"**parties**" means Messrs Lucifer Spokie van Zyl, André Smith, Jan Human, Philip Venter and Novio Financial Advisors CC (CK90/24792/23), whether acting independently or in concert with any other person.

1. The harmful business practice is hereby declared unlawful.

2. The parties are hereby directed to—

(a) cease applying the harmful business practice;

(b) cease to have any interest in a business or type of business which applies the harmful business practice or to derive any income therefrom;

(c) refrain from at any time applying the harmful business practice;

(d) refrain from at any time obtaining any interest in or deriving any income from a business type of business applying the harmful business practice.

3. This notice shall come into operation upon the date of publication hereof.

(15 November 1991)

NOTICE 1088 OF 1991

CORRECTION NOTICE

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK

SECTION 30 OF THE DEPOSIT-TAKING INSTITUTIONS ACT, 1990

FINAL REGISTRATION: FRENCH BANK OF SOUTHERN AFRICA LIMITED

General Notice 1011 in *Government Gazette* No. 13597 of 1 November 1991 is hereby amended by substituting the date 1991-10-17 for the date 1991-09-17 in the Afrikaans text.

(15 November 1991)

KENNISGEWING 1089 VAN 1991

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die African Miners and Allied Workers' Union met ingang van 7 November 1991 ingevolge artikel 4 (7) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, as 'n vakvereniging geregistreer is ten opsigte van persone in diens as algemene mynwerkers wat nie in besit van skietsertifikate is nie, in mynbedryf soos hieronder omskryf, in landdrosdistrikte Die Kaap, Durban, Fochville, Johannesburg, Kimberley, Klerksdorp, Krugersdorp, Nigel, Oberholzer, Pretoria, Roodepoort, Swartruggens en Westonaria en in die provinsie die Oranje-Vrystaat.

"Mynbedryf" beteken die bedryf waarin werkgewers en hul werknemers met mekaar geassosieer is met die doel om delfstowwe te soek, te win, te ekstraheer, te prosesseer, te affineer of te raffineer (op voorwaarde dat sodanige prosessering of affinering of raffinering van delfstowwe die prosessering van sierdiamante uitsluit), en dit omvat die werksaamhede wat voortspruit uit of gepaard gaan met sodanige aktiwiteite.

"Delfstof" beteken enige stof, het sy in soliede, vloeibare of gasvorm, wat op natuurlike wyse in of op die aarde voorkom, en dit omvat alle metale, koolwaterstofverbindings, edelgesteentes en aardolies.

Vir die doeleindes hervan omvat Mynbedryf nie die volgende nie:

(i) Persone in diens in die volgende poste in bovermelde landdrosdistrikte as bogrondse mynbeamptes in enige afdeling in die mynbedryf, naamlik klerklike, metallurgiese, ingenieurs-, hospitaal- en algemene administratiewe personeel van enige myn met inbegrip van mynhoofkantoorpersoneel) wat maandelikse salarisse ontvang en wie se pligte hoofsaaklik die pligte behels wat gewoonlik deur werknemers in daardie beroepe verrig word ongeag die spesifieke posbenaming wat die werkgewer van tyd tot tyd aan die poste gee:

NOTICE 1089 OF 1991

DEPARTMENT OF MANPOWER

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

It is hereby notified for general information that the African Miners and Allied Workers' Union has with effect from 7 November 1991 in terms of section 4 (7) of the Labour Relations Act, 1956, been registered as a trade union in respect of persons employed as general mineworkers who are not in possession of blasting certificates in the Mining Industry, as defined below, in the Magisterial Districts of Durban, Fochville, Johannesburg, Kimberley, Klerksdorp, Krugersdorp, Nigel, Oberholzer, Pretoria, Roodepoort, Swartruggens, The Cape and rt, Swartruggens, The Cape and Westonaria and in the Province of the Orange Free State.

"Mining Industry" means the industry in which employers and their employees are associated for the purpose of searching for, winning, extracting, processing or refining minerals (provided such processing of refining of minerals excludes the processing of gem diamonds), and includes those operations which are consequent on or incidential to such activities.

"Mineral" means any substance, whether in solid, liquid or gaseous form, occurring naturally in or on the earth and includes all metals, hydrocarbons, precious stones and natural oils.

For the purposes hereof the expression "employees" excludes:

(i) Persons employed in the following posts in the above-mentioned Magisterial Districts as mine surface officials in any department in the mining industry, i.e. clerical metallurgical, engineering, hospital and general administrative staff of any mine (including mine head office staff) who are in receipt of monthly salaries and whose duties consist mainly of those normally performed by employees in those occupations, irrespective of the particular designation allocated to the posts by the employer from time to time:

Afdeling	*Pos*
1. Alle Afdelings	Klerk, Senior Klerk, Klerk spesiale graad, Leerlingbeampte, Tikster/Sekretaresse.
2. Administratief en Finansies	Rekenmeester, Assistentrekenmeester, Assistentvoorraadrekenpligtige, Ontleder, Senior Boekhouassistent, Administratiewe Assistent, Tydkantoorassistent, Senior Tydkantoorassistent, Klerklike Assistent, Voorraadboekhouassistent, Ouditeur, Assistentouditeur, Interne Ouditeur, Begrotingskontroleur, Kostekontroleur, Datavasleggingsondervoorman, Assistentafdelingshoof, Administrasiebeampte, Assistentbegrotingsbeampte, Begrotingsbeampte, Datavasleggingsoperateur, Datavoorbewerkingsoperateur, Senior Datavoorbewerkingsoperateur, Hoofmasjienoperateur, Sleutelstasieoperateur, Senior Sleutelstasieoperateur, Telefoonoperateur, Teleksoperateur, Terminusoperateur, Betaalmeester, Assistentbetaalmeester, Kassierbetaalmeester, Junior Programmeerder, Stelselprogrammeerder, Kwekelingprogrammeerder, Assistentstatistikus, Skagstatistikus, Superintendent, Boekhouopsiener, Rekenaarbewerkingsopsiener, Datavasleggingsopsiener, Datavoorbewerkingsopsiener, Dataverwerkingsopsiener, Senior Sleutelstasieopsiener, Drukafdelingsopsiener, Bandbibliotekaris, Loonbeampte, Tydkantooroppasser, Assistentloonbeampte, Assistenttydkantooroppasser, Administratiewe Kwekeling, Sekretariële Kwekeling.
3. Tekenkantoor (Ingenieurs-, Geologies, Beplannings-, Opmeet-)	Tekenaar, Tekenaarster, Assistenttekenaar, Assistenttekenaarster, Ontwerptekenaar, Ontwerptekenaarster, Junior Tekenaar, Junior Tekenaarster, Leiertekenaar, Leidstertekenaarster, Leerlingtekenaar, Senior Tekenaar, Tegnikustekenaar, Kwekelingtekenaar, Kwekelingtekenaarster, Tekenbeampte, Natrekker.

Afdeling	*Pos*
4. Ingenieurswerk	Bedryfs- en Navorsingsontleder, Ingenieursassistent, Senior Keteloppasser, Wateraanlegoperateur, Assistenthoofelektrisiën, Werkeklerk, Mimiekkontroleur, Spoorverkeersreëlaar, Assistentingenieur, Junior Ingenieur, Kwekelingingenieur, Mynberamer, Assistentmynberamer, Leierberamer, Senior Beramer, Ingenieursvoorman, Voorman in die Werktuigkundige Ambag, Buitevoorman, Buitevoorman in die Werktuigkundige Ambag, Dorpsmodelmaker, Bogrondse—nie in die Werktuigkundige Bedryf nie—Modelmaker, Vervoerbeampte, Assistentvervoerbeampte, Spoorvervoersuperintendent, Herwinningswerfsuperintendent, Vakleerlingopsiener, Kamponginstandhoudingsopsiener, Booruitrustingsopsiener, Lokoskofopsiener, Hervoeringsopsiener, Rioolwateraanlegopsiener, Vervoeropsiener, Voormantegnikus, Instrumenttegnikus, Senior Instrumenttegnikus, Junior Instrumenttegnikus, Hysmasjiendrywer.
5. Hostel/Kampong	Leerlinghostelassistent, Assistentbestuurder, Gelisensieerde Assistentbestuurder, Personeelbeampte, Kroegopsiener, Biertuinopsiener, Grootpartyopsiener, Hoofopsiener, Senior Opsiener, Drankafsetpuntopsiener, Senior Drankafsetpuntopsiener, Instandhoudingsopsiener, Ontspanningsopsiener, Personeelopsiener, Opsiener van Hostelle, Personeelkwekeling, Hostelkwekeling, Rekenmeester, Eerste Verpleegkundige, Dieetkundige, Assistenthospitaalsekretaris, Gesondheidsinspekteur, Assistentgesondheidsinspekteur, Assistentlaboratoriumstegnikus, Laboratoriumtegnikus, Senior Laboratoriumtegnikus, Verpleër, Verpleër gekwalifiseerd, Verpleër ongekwalifiseerd, Matrone, Assistentmatrone, Mediese Tegnoloog, Arbeidsterapeut, Senior Arbeidsterapeut, Gesondheidsbeampte, Assistentgesondheidsbeampte, Hospitaaladministrasiebeampte, Hospitaalgebou-instandhoudingsbeampte, Higiënebeampte, Rehabilitasiebeampte, Sanitasiebeampte, Apteker, Fisioterapeut, Radiograaf, Suster, Verpleegsuster, Senior Suster, Spesialissuster, Opleisuster, Operasiesuster, Statistikus, Magasynmeester, Assistenthospitaalsuperintendent, Assistentsuperintendent van 'n Mediese Stasie, Installasie-instandhoudingsuperintendent, Vloeropsiener, Hospitaalhuishoudingsopsiener.
6. Metallurgie	Amalgameerder, Hoofamalgameerder, Amalgameerder/Smelter, Assistent-amalgameerder/smelter, Hoofamalgameerder/smelter, Ontleder, Chemiese Ontleder, Assistenthoofontleder, Senior Ontleder, Tegnikusontleder, Essaieur, Gesertifiseerde Essaieur, Assistenthoofessaieur, Senior Tegnikusessaieur, Ongesertifiseerde Essaieur, Laboratoriumassistent, Leerlinglaboratoriumassistent, Senior Laboratoriumassistent, Tegniese Assistent, Chemikus, Gesertifiseerde Chemikus, Assistenthoofchemikus, Senior Chemikus, Ongesertifiseerde Chemikus, Voorman, Afdelingsvoorman, Afdelingskofvoorman, Aanlegvoorman, Skofvoorman, Assistentlaboratoriumtegnikus, Senior Laboratoriumtegnikus, Laboratoriumtegnikus, Seksieleier, Skofleier, Leerlingmetallurg, Gehaltebeampte, Gehaltebeheerbeampte, Metallurgiese Navorsingsbeampte, Suuraanlegbeampte, Leerlingsuuraanlegbeampte, Reduksiebeampte, Leerlingreduksiebeampte, Uraanbeampte, Leerlinguraanbeampte, Tegniese Beampte, Smelter, Assistentsmelter, Hoofassistentsmelter, Afdelingskofopsiener, Aanlegopsiener, Skofopsiener, Slikdamopsiener.
7. Personeel	Mannekragassistent, Personeelassistent, Skakelwerkassistent, Personeelbeampte, Afdelingspersoneelbeampte, Assistenthoofpersoneelbeampte, Arbeidsbetrekkingebeampte, Assistentarbeidsbetrekkingebeampte, Arbeidsbeampte, Assistentskakelbeampte, Rekordsbeampte, Personeelkwekeling, Maatskaplike Werker, Personeelsuperintendent.
8. Dienste—Huishoudelik	
8.1 Akkommodasie	Opsigter, Losieshuisopsiener, Enkelkwartieropsiener, Assistentenkelkwartieropsiener, Hosteladministrateur.
8.2 Verversingslokaal en spyseniering	Verversingslokaalassistent, Spysenier, Industriële Spysenier, Menasiespysenier, Spysmeester, Enkelkwartierhoofkok, Huishoudster, Verversingslokaalopsiener, Spyseniersopsiener van die Sentrale Kombuis.
8.3 Klub	Gholfklubsetperkopsigter, Assistentbestuurder, Assistentontspanningsklubbestuurder, Gholfklubsekretaris, Sportklubopsiener, Superintendent van Ontspanningsklubs, Superintendent van Swembaddens.
8.4 Eiendomme en dorpe	Eiendomsbeampte, Mynuitvloeiselbeampte, Dorpsbeampte, Dorpsopsiener.
8.5 Plaas	Plaasassistent, Junior Plaasassistent, Bestuurder, Assistentbestuurder.
8.6 Tuine	Tuineopsiener, Tuinier, Assistenttuinier, Hooftuinier, Senior Tuinier, Terreinopsigter, Assistentterreinopsigter, Tuinsuperintendent van 'n Groep Myne, Tuinboukundige, Hooftuinboukundige.
8.7 Behuising	Werkeklerk, Behuisingsinspekteur, Superintendent van Behuising.
9. Ontspanning	Groepontspanningsassistent, Ontspanningsbeampte, Assistentontspanningsbeampte.
10. Dienste—Omgewingsbeheer/Ventilasie	Mikroskopis, Leerlingmikroskopis.
11. Dienste—Opmeting	Modelmaker.
11.1 Televisie	Regisseur, Tegnikus.
12. Dienste—Diverse	Ontleder, Transportradiokontroleur.
13. Besuinigingsingenieur	Diamantboorvoorman, Bogrondse Voorman, Haarstilis, Lampkameroppasser, Mynhoopbeplantingsbeampte, Herwinningsbeampte, Bedryfsnavorsingswaarnemer, Herwinningswerfondervoorman, Steenmakerysuperintendent, Diamantbooropsiener, Mynhoopopsiener, Opsiener van 'n Groep Slikdamme, Lampkameropsiener, Herwinningsopsiener, Herwinningswerfopsiener, Telemetingstelselopsiener, Timmerhoutwerf- en Steenmakeryopsiener, Timmerhoutwerfopsiener, Algemene Bogrondse Beampte, Tegniese Ouditeur.

Afdeling	*Pos*
14. Voorraad	Voorraadassistent, Voorraadboekhouassistant, Voorraadkontroleur, Voorraadrekenaardatakontroleur, Uitreiker, Hoofuitreiker, Springstofuitreiker, Lontuitreiker, Voorraaduitreiker, Subvoorraaduitreiker, Magasynoppasser, Magasynmeester, Hoof-I.M.S.-ontvanger, Voorraadontvanger, Skagmagasynopsigter, Depotmagasynmeester, Senior Assistentmagasynmeester, Senior Assistentrekeningemagasynmeester, Voorraadekspediteur, Voorraadterreinwagter, Besuinigingsvoorraadopsiener, Weegbrugopsiener.
15. Opleiding en Keuring	Administratiewe Assistentbeampte, Vakleerlingopleidingsbeampte, Aanlegtoetsbeampte, Senior Aanlegtoetsbeampte, Metallurgiese Opleidings- en Beheerbeampte, Tegniese Opleidingsbeampte, Assistent Tegniese Opleidingsbeampte, Senior Tegniese Opleidingsassistent, Assistenthoofkwekelingopleier, Bogrondse Opleidingsopsiener, Vakleerlingopleier, Assistent Tegniese Opleier, Metallurgiese Opleier, Senior Tegniese Opleier, Senior Metallurgiese Opleier.

Department	*Post*
1. All Departments	Clerk, Senior Clerk, Special Grade Clerk, Learner Official, Typist/Secretary.
2. Administrative and Finance	Accountant, Assistant Accountant, Assistant Stores Accountant, Analyst, Senior Accounts Assistant, Administrative Assistant, Time Office Assistant, Senior Time Office Assistant, Clerical Assistant, Store Account's Assistant, Auditor, Assistant Auditor, Internal Auditor, Budget Controller, Cost Controller, Data Capture Chargehand, Assistant Department Head, Administration Officer, Assistant Budget Officer, Budget Officer, Data Capture Operator, Data Preparation Operator, Senior Data Preparation Operator, Head Machine Operator, Key Station Operator, Senior Key Station Operator, Telephone Operator, Telex Operator, Terminal Operator, Paymaster, Assistant Paymaster, Cashier Paymaster, Junior Programmer, Systems Programmer, Trainee Programmer, Assistant Statistician, Shaft Statistician, Superintendent, Accounts Supervisor, Computer Operation Supervisor, Data Capture Supervisor, Data Preparation Supervisor, Data Processing Supervisor, Senior Key Station Supervisor, Print Department Supervisor, Tape Librarian, Timekeeper, Time Office Keeper, Assistant Time Keeper, Assistant Time Office Keeper, Administrative Trainee, Secretarial Trainee.
3. Drawing Office (Engineering, Geological, Planning, Survey)	Draughtsman, Draughtswomen, Assistant Draughtsman, Assistant Draughtswoman, Design Draughtsman, Design Draughtswomen, Junior Draughtsman, Junior Draughtswoman, Leading Hand Draughtsman, Leading Hand Draughtswoman, Learner Draughtsman, Senior Draughtsman, Technician Draughtsman, Trainee Draughtsman, Trainee Draughtswomen, Drawing Officer, Tracer.
4. Engineering	Operation and Research Analyst, Engineering Assistant, Senior Boiler Attendant, Water Plant Attendant, Assistant Chief Electrician, Clerk of Works, Mimic Controller, Rail Traffic Controller, Assistant Engineer, Junior Engineer, Trainee Engineer, Mine Estimator, Assistant Mine Estimator, Leading Hand Estimator, Senior Estimator, Engineering Foreman, Foreman in Mechanic's Trade, Outside Foreman, Outside Foreman in Mechanic's Trade, Township Model Maker, Surface—not in Mechanic's Trade—Model Maker, Transport Officer, Assistant Transport Officer, Rail Transport Superintendent, Salvage Yard Superintendent, Apprentice Supervisor, Compound Maintenance Supervisor, Drill Equipment Supervisor, Loco Shift Supervisor, Relining Supervisor, Sewage Plant Supervisor, Transport Supervisor, Foreman Technician, Instrument Technician, Senior Instrument Technician, Junior Instrument Technician, Winding Engine Driver.
5. Hostel/Compound	Learner Hostel Assistant, Assistant Manager, Licensed Assistant Manager, Personnel Officer, Bar Supervisor, Beer Garden Supervisor, Crusher Supervisor, Chief Supervisor, Senior Supervisor, Liquor Outlet Supervisor, Senior Liquor Outlet Supervisor, Maintenance Supervisor, Recreation Supervisor, Personnel Supervisor, Hostels Supervisor, Personnel Trainee, Hostels Trainee, Accountant, Charge Nurse, Dietician, Assistant Hospital Secretary, Health Inspector, Assistant Health Inspector, Assistant Laboratory Technician, Laboratory Technician, Senior Laboratory Technician, Male Nurse, Male Nurse Qualified, Male Nurse Unqualified, Matron, Assistant Matron, Medical Technologist, Occupational Therapist, Senior Occupational Therapist, Health Officer, Assistant Health Officer, Hospital Administration Officer, Hospital Building Maintenance Officer, Hygiene Officer, Rehabilitation Officer, Sanitation Officer, Pharmacist, Physiotherapist, Radiographer, Sister, Nursing Sister, Senior Sister, Specialist Sister, Teaching Sister, Theatre Sister, Statistician, Storekeeper, Assistant Hospital Superintendent, Assistant Medical Station Superintendent, Plant Maintenance Superintendent, Floor Supervisor, Hospital Domestic Supervisor.
6. Metallurgy	Amalgamator, Chief Amalgamator, Amalgamator/Smelter, Assistant Amalgamator/Smelter, Chief Amalgamator/Smelter, Analyst, Chemical Analyst, Assistant Chief Analyst, Senior Analyst, Technician Analyst, Assayer, Certificated Assayer, Assistant Chief Assayer, Senior Technician Assayer, Uncertificated Assayer, Laboratory Assistant, Learner Laboratory Assistant, Senior Laboratory Assistant, Technical Assistant, Chemist, Certificated Chemist, Assistant Chief Chemist, Senior Chemist, Uncertificated Chemist, Foreman, Departmental Foreman, Departmental Shift Foreman, Plant Foreman, Shift Foreman, Assistant Laboratory Technician, Senior Laboratory Technician, Laboratory Technician, Section Leader, Shift Leader, Pupil Metallurgist, Grade Officer, Grade Control Officer, Metallurgical Research Officer, Acid Plant Official, Learner Acid Plant Official, Reduction Official, Learner Reduction Official, Uranium Official, Learner Uranium Official, Technical Official, Smelter, Assistant Smelter, Chief Assistant Smelter, Department Shift Supervisor, Plant Supervisor, Shift Supervisor, Slimes Dam Supervisor.

Department	Post
7. Personnel	Manpower Assistant, Personnel Assistant, Public Relations Assistant, Personnel Officer, Departmental Personnel Officer, Assistant Chief Personnel Officer, Industrial Relations Officer, Assistant Industrial Relations Officer, Labour Officer, Assistant Public Relations Officer, Records Officer, Personnel Trainee, Social Worker, Personnel Superintendent.
8. Services—Domestic	
8.1 Accommodation	Caretaker, Boarding House Supervisor, Single Quarters Supervisor, Assistant Single Quarters Supervisor, Hostel Administrator.
8.2 Canteen and catering	Canteen Assistant, Caterer, Industrial Caterer, Mess Caterer, Catering Manager, Single Quarters Chef, Housekeeper, Canteen Supervisor, Central Kitchen Catering Supervisor.
8.3 Club	Golf Club Greenkeeper, Assistant Manager, Assistant Recreation Club Manager, Golf Club Secretary, Sports Club Supervisor, Recreation Clubs Superintendent, Swimmingbaths Superintendent.
8.4 Estates and townships	Estates Officer, Mine Effluent Officer, Township Officer, Township Supervisor.
8.5 Farm	Farm Assistant, Junior Farm Assistant, Manager, Assistant Manager.
8.6 Gardens	Gardens Supervisor, Gardener, Assistant Gardener, Head Gardener, Senior Gardener, Groundsman Assistant Groundsman, Group Mines Garden Superintendent, Horticulturist, Chief Horticulturist.
8.7 Housing	Clerk of Works, Housing Inspector, Superintendant of Housing.
9. Recreation	Group Recreation Assistant, Recreation Officer, Assistant Recreation Officer.
10. Services— Environmental Control/ Ventilation	Microscopist, Learner Microscopist.
11. Services—Survey	Model Maker.
11.1 Television	Producer, Technician.
12. Services—Various	Analyst, Transport Radio Controller.
13. Economy Engineer	Diamond Drill Foreman, Surface Foreman, Hair Stylist, Lamp-room Attendant, Dump Vegetation Officer, Salvage Officer, Operations Research Observer, Salvage Yard Chargehand, Brickyard Superintendent, Diamond Drill Supervisor, Dump Supervisor, Group Slimes Dam Supervisor, Lamp-room Supervisor, Salvage Supervisor, Salvage Yard Supervisor, Telemetry System Supervisor, Timber and Brickyard Supervisor, Timberyard Supervisor, Surface Official General, Technical Auditor.
14. Stores	Stores Assistant, Stores Accounts Assistant, Stores Controller, Stores Computer Data Controller, Issuer, Chief Issuer, Explosives Issuer, Fuse Issuer, Stores Issuer, Substores Issuer, Magazine Attendant, Magazine Master, Head I.M.S. Receiver, Stores Receiver, Shaft Storeman, Depot Storekeeper, Senior Assistant Storekeeper, Senior Assistant Accounts Storekeeper, Stores Expediter, Stores Yardsman, Economy Stores Supervisor, Weighbridge Supervisor.
40. Dit is gevolglik nouliks verbasend dat die Raad, toe hy gekonfronteer is met die versluierde[34] verkryging van aandele in GFSA deur Anglo en De Beers en 'n klagte rakende die nadelige uitwerking wat dit op mededinging kan hê, nie gehuiwer het om 'n formele ondersoek na die aangeleentheid in te stel nie.

VOORLEGGINGS DEUR DIE PARTYE

41. Voorleggings is van GFSA en Anglo en De Beers ontvang.

GFSA se voorlegging

42. GFSA se voorlegging was omvattend en het afskrifte ingesluit van uittreksels uit notules van direksievergaderings, koerante, finansiële tydskrifte en boeke, kommunikasie tussen persone in topbestuursposte in die groot ondernemings wat by die GFSA/Anglo en De Beers sage betrokke was en grafieke.

43. Die kern van die voorlegging was dat die koop van bykomende aandele deur Anglo en De Beers in GFSA sedert 1 Junie 1989 'n beperkende praktyk en/of 'n verkryging daargestel het en/of die maatskappye in 'n monopolie situasie geplaas het wat in nie een van die gevalle in die openbare belang geregverdig kon word nie.

44. Daar is aangevoer dat die omvang van Anglo en De Beers se aandeelhouding in GFSA nie 'n blote "portefeuljebelegging" is nie, maar dat dit duidelik 'n meganisme was om te verseker dat hulle 'n vetomag behou om die Rembrandtgroep se verhoogde belang in GFSA (wat hulle nie aangestaan het nie) teen te werk in ooreenstemming met hulle filosofie van "Who needs take-overs when you can control with a minority stake?".

45. GFSA het toegegee dat Anglo en De Beers geen wettige reg gehad het om aan te dring op 'n direkteur in sy direksie nie. GFSA het nietemin die Raad op Mededinging versoek om te verseker dat mnr. E. P. Gush, wat ook 'n direkteur van Anglo was, direkteurskap van GFSA ontruim. Hierdie versoek is natuurlik geruime tyd voor 15 Januarie 1991 voorgelê.

46. Om die situasie reg te stel waarin GFSA hom bevind het, is voorgestel dat die Raad by die Minister aanbeveel dat Anglo en De Beers hulle aandele in GFSA, geheel of gedeeltelik deur middel van die betaling van dividende in spesie, vervreem. Anglo en De Beers moes, in afwagting van die finalisering van hierdie proses, verbied word om enige stemreg in GFSA uit te oefen. As alternatief moes hulle toegelaat word om slegs te stem oor 'n besluit oor die regte wat aan hulle aandele in GFSA gekoppel is. Verder moes geen direkteur van die Anglo/De Beersgroep toegelaat word om in GFSA se direksie te dien nie.

Die Anglo/De Beersvoorlegging

47. Anglo en De Beers het beswaar gemaak teen die kennisgewing van die ondersoek en het aangevoer dat dit gebrekkig is omdat dit nie besonderhede bevat van die ondersoek wat die Raad voornemens was om te doen nie. Hierdie besonderhede was nodig om behoorlik vertoë te kan rig. Anglo en De Beers het meer spesifiek besonderhede verlang oor welke (a) situasies watter mededinging in watter kategorieë beperk en hoe; (b) "beherende aandeel" in watter besigheid wat by die produksie van welke handelsartikel betrokke is, ondersoek word; (c) beheer oor watter onderneming of bate ondersoek word en deur wie dit na bewering verkry is; (d) spesifieke soort besigheid in verhouding tot watter handelsartikel ondersoek word; (e) wesenlike ekonomiese verbintenis bestaan ten opsigte van watter klas besigheid in verhouding tot watter handelsartikel; en (f) wat "geassosieerde maatskappye" en "groepe" behels en hoe die koop van aandele in GFSA deur die "geassosieerde maatskappye" of die "groep" die "groep" in 'n monopoliesituasie geplaas het of kan plaas.

48. Die Raad het die verlangde inligting verstrek en Anglo en De Beers versoek om sekere inligting te verskaf. Hulle het aan die versoek om verdere inligting voldoen, maar het beweer dat die verdere besonderhede wat deur die Raad verskaf is, die bestek van die ondersoek verbreed, die saak vertroebel en onvoldoende is om hulle in staat te stel om behoorlike vertoë te rig. Hulle het ook aangedui dat hulle bereid is om die aangeleentheid met die Raad te bespreek.

49. 'n Vergadering is op 6 Desember 1990 tussen die Raad en Anglo en De Beers gehou. Voor die vergadering is die Staatsprokureur, Pretoria, geraadpleeg oor die bewering dat die kennisgewing van die ondersoek saam met die verdere besonderhede wat deur die Raad verskaf is, onvoldoende is. Die aanduiding was dat dit nie die geval is nie.

50. Die vergadering op 6 Desember het gehelp om groter duidelikheid oor die tersaaklike aspekte te kry. Anglo en De Beers het hulle opmerkings, waarnemings en betoë wat uit die vergadering voortgespruit het, uiteengesit in 'n brief gedateer 10 Januarie 1991. In wese het sowel die aanvanklike betoë as dié van 10 Januarie ten sterkste ontken dat die koop van aandele in GFSA deur die geassosieerde maatskappye van Anglo en De Beers sedert 1 Junie 1989 'n beperkende praktyk of 'n verkryging daarstel, of dat dit tot 'n monopoliesituasie aanleiding gegee het. Die Raad is ook verseker dat nóg Anglo, nóg De Beers, nóg "die groep" die reg of bevoegdheid het om een of meer direkteure van GFSA aan te stel, en daar is ook geen ooreenkoms, reëling of verstandhouding wat hulle die reg of bevoegdheid gee om van die meerderheid van GFSA se lede te verlang om ten gunste van die herverkiesing van mnr. Gush te stem nie.

51. Ter stawing van hulle bewerings het Anglo en De Beers sekere feite érken en sekere argumente aangevoer. Vir die bestaande doeleindes is die volgende die belangrikste:

(1) Anglo/De Beers en GFSA ding straf met mekaar mee by onder meer die verkryging van mineraleregte en die doeltreffende benutting van sodanige regte.

(2) Anglo en De Beers wil nie GFSA beheer nie, maar beskou hulle aandeelhouding in GFSA, hoewel dit 'n nie-beherende belang is, as 'n belangrike belegging.

(3) Die woorde "houer van 'n beherende aandeel" soos dit in die omskrywing van 'n "verkryging" voorkom, kan nie as "houers van 'n beherende aandeel" geïnterpreteer word nie.

(4) Die "koop" van aandele is duidelik onderskeibaar van die "subskripsie" vir aandele.

(5) Geen handelinge wat die neem van 'n spesiale besluit vereis, hou hoegenaamd verband met omstandighede wat GFSA, Anglo and De Beers se mededingende regte en bevoegdhede moontlik sou kon beperk nie. Dit is foutief om 'n meganisme wat deur die Maatskappywet, 1973, ontwikkel is om minderheidsaandeelhouers te beskerm, gelyk te stel aan 'n "beherende aandeel" soos omskryf in die Wet op die Handhawing en Bevordering van Mededinging, 1979.

(6) Die feit dat De Beers en Anglo kruisaandeelhouding in mekaar het en soms saamwerk, bied geen regverdiging vir 'n bevinding dat die ondernemings nie werklik onafhanklik van mekaar is nie. Elke maatskappy het verskillende aandeelhouers en 'n ander direksie.

(7) Daar is geen regverdiging nie vir die stelling dat 'n aandeelhouer van 'n maatskappy 'n "beherende aandeel" het bloot deur sy aandele teen 'n mosie te stem, wat hy regtens geoorloof is om te doen.

(8) Die stelling dat daar 'n beperking van mededinging is as een of meer persone met 'n wesenlike ekonomiese verbintenis 'n monopolistiese (oorheersende) posisie verkry of versterk, is nie op logika, feite of die reg gegrond nie.

(9) Daar is regtens of eties niks daarmee verkeerd om gewoonweg kruisdirekteurskappe in dieselfde of verskillende mynhuise te hê nie. Hulle haal 'n verklaring van die voorsitter van GFSA aan waarin hy sê dat kruisdirekteurskappe op bedryfsvlak 'n goeie ding is.

ONTLEDING

52. Die Raad het twee sleutelkwessies geïdentifiseer, wat volgens die feite ontleding ingevolge die Wet regverdig, toe hy kennis van die ondersoek gegee het. Dit is die hou van aandele deur 'n maatskappy in 'n konkurrent se onderneming en ineenskakelende direksies. Die kern van die ontleding wat volg, sal dus wees om vas te stel onder watter omstandighede, indien enige, dit konstateer kan word dat die onderskeie kwessies 'n "beperkende praktyk", "verkryging" of "monopolisituasie", soos in die Wet omskryf, daarstel.

53. Die hou van aandele in 'n konkurrent se onderneming en ineenskakelende direksies is aangeleenthede wat ook in 'n maatskappyregkonteks voorkom. Dit is dus raadsaam geag om die Raad se ontleding daarvan te laat volg op 'n kort uiteensetting van hoe sekere aspekte op dié gebied hanteer word.

Aandeelhouding

54. Die onderlinge verhouding tussen 'n maatskappy se aandeelhouers is grootliks gebaseer op die begrippe meerderheidsbewind en minderheidsbeskerming.[35] Hierdie benadering word onder meer in die sogenaamde "onteieningsake" gevolg. Hierin laat die howe 'n verandering in 'n maatskappy se statute in opdrag van die meerderheidsaandeelhouers toe om hulle in staat te stel om die minderheidsaandeelhouers te dwing om hulle aandele teen 'n redelike prys aan 'n goedgekeurde koper te verkoop, mits dit bona fide en in belang van die maatskappy as geheel is.[36] Die een duidelike geval waar die howe nog geen probleem gehad het om te bevind dat die onteiening van die minderheidsaandeelhouers geregverdig is nie, is waar die minderheidsaandeelhouers in mededinging met hulle maatskappy sake doen.[37]

55. Daar is 'n aantal bepalings in die Maatskappywet, 1973, wat regte verleen aan minderheidsaandeelhouers wat as 'n omskrewe groep optree.[38] Vir doeleindes van hierdie ondersoek is die belangrikste hiervan die veto wat ingevolge die formele vereistes vir die neem van 'n spesiale besluit uitgeoefen kan word.

56. Artikel 199 (1) van die Maatskappywet, 1973, bepaal dat die aanneem van 'n spesiale besluit onder meer (a) 'n kworum van nie minder nie as een kwart van die totale stemme van al die lede wat daarop geregtig is om die vergadering by te woon en daarop te stem en wat persoonlik of deur volmag teenwoordig is, vereis, asook (b) aanname van die besluit deur nie minder nie as driekwart van die aantal lede wat geregtig is om op die vergadering te stem en wat persoonlik of deur volmag teenwoordig is, of waar 'n stemming met stembriefies geëis, is, deur nie minder nie as driekwart van die totale stemme waarop die lede wat persoonlik of deur volmag teenwoordig is, geregtig is.

57. Dit hou in dat slegs wanneer al die lede van 'n maatskappy persoonlik of deur volmag teenwoordig is (wat in die geval van die meeste genoteerde maatskappye onwaarskynlik is), die blokkering van 'n spesiale besluit 25 persent plus een van die stemme sou vereis. In alle ander gevalle waar vergaderings deur minder as die volle getal lede bygewoon word, kan 'n spesiale besluit geblokkeer word deur persone wat 'n aandeel van tussen 25 persent en net meer as 6,25 persent in die maatskappy het. In die geval van 'n verdaagde vergadering waar die kworumvereiste nie meer geld nie, kan selfs minder as 6,25 persent van die stemme natuurlik genoeg wees.

Direkteure

58. Een van die mees gevestigde beginsels van die maatskappyreg is dat direkteure in 'n vertrouensposisie teenoor hulle maatskappye staan.[39]

59. Dit hou in dat hulle hul bevoegdhede te goeder trou moet uitoefen en 'n botsing tussen hulle eie belange en dié van die maatskappy moet vermy. Een van die kwessies wat spruit uit die vereiste vermyding van belangebotsings, is of 'n direkteur in die direksies van twee mededingende maatskappye kan dien.

60. By die hantering van die vraagstuk in Engeland, Australië en Nieu-Seeland verwys die howe byna sonder uitsondering na *London and Mashonaland Exploration Co. Ltd v New Mashonaland Exploration Co. Ltd.*[40] In hierdie saak het Chitty R die hou van direkteurskappe in konkurrerende maatskappye gesanksioneer behoudens drie voorwaardes, naamlik (1) die statute van 'n maatskappy kan iemand verbied om in die direksie te dien van enige ander maatskappy wat 'n aansienlike hoeveelheid sake in mededinging met dié maatskappy doen; (2) daar kan 'n uitdruklike of stilswyende kontrak met die direkteure wees dat hulle nie in die direksies van konkurrerende maatskappye mag dien nie; en (3) vertroulike inligting wat as 'n direkteur van 'n maatskappy verkry is, mag nie aan konkurrerende maatskappye bekend gemaak word nie.

61. Ten spyte van Lord Cranworth se verklaring in *Aberdeen Rail Co. v Blaikie Bros*[41] dat ". . . it is a rule of universal application that no one having such (fiduciary) duties to discharge shall be allowed to enter into engagements in which he has or can have a personal interest conflicting or which possibly may conflict with the interests of those whom he is bound to protect", en Clauson R se bevinding in *Re Thompson*[42] ten effekte dat dit pligskending deur 'n trustee is om 'n saak te bedryf wat meeding met dié wat deur die trust beheer word, het die howe in al drie hierdie lande hulle daarvan weerhou om te beslis dat direkteure nie direkteurskappe in wedywerende maatskappye mag hê nie.[43] Daar was uiteraard erkenning van die "gevare" daaraan verbonde as 'n direkteur vertroulike inligting wat in daardie hoedanigheid verkry is, gebruik om hom in die mededingende onderneming te help en die "aansienlike" probleme om sodanige gebruik van dié inligting te vermy.[44] Misbruik van vertroulike inligting moet nietemin steeds op die feite van 'n spesifieke saak vasgestel word.[45]

62. Regters in die Verenigde State van Amerika het 'n strenger siening van 'n direkteur se vertrouenspligte as hulle eweknieë in die Statebond.[46] So is byvoorbeeld beslis dat 'n direkteur ". . . owes loyalty and allegiance to the corporation—a loyalty that is undivided and an allegiance that is influenced in action by no consideration other than the welfare of the corporation".[47] Hierdie siening is deur regter Douglas van die Supreme Court gesteun toe hy gesê het: "He who is in such a fiduciary position . . . cannot by the intervention of a corporate entity violate the ancient precept against serving two masters".[48]

Die bekendste siening oor die onderwerp is waarskynlik dié van Cardozo R: "Many forms of conduct permissible in a workaday world for those acting at arm's length, are forbidden to those bound by fiduciary ties. A trustee is held to something stricter than the morals of the market place. Not honesty alone, but the punctilio of an honor the most sensitive, is then the standard of behaviour. As to this there has developed a tradition that is unbending and inveterate. Uncompromising rigidity has been the attitude of courts of equity when petitioned to undermine the rule of undivided loyalty by the 'disintegrating erosion' of particular exceptions . . . Only thus has the level of conduct for fiduciaries been kept at a level higher than that trodded by the crowd. It will not consciously be lowered by any judgment of this court."[49]

63. In the VSA, soos elders, word die plig om nie mee te ding nie deur die omstandighede van elke geval bepaal.[50] Geen versuim van vertrouensplig sal bevind word in die afwesigheid van feite wat toon dat die maatskappy benadeel is nie.[51] Onthulling van vertroulike of binne-inligting is natuurlik 'n versuim van vertrouenspligte.[52]

64. In Kanada is die belangrikste saak oor dié onderwerp *Canadian Aero Services Limited v O'Malley.*[53] Hoewel dit nie vir die hof nodig was om spesifiek die kwessie van die gelyktydige hou van direkteurskappe in mededingende maatskappye te hanteer nie, het Laskin R se siening oor die noú verwante aspek van 'n direkteur wat 'n maatskappygeleentheid vir homself toe-eien, die Kanadese reg in lyn geplaas met die redenasie wat in *Aberdeen Rail Co.* en *Re Thompson* en deur Cardozo R in *Meinhard v Salmon* gevolg is. Daarin is geredeneer[54] dat deur dit te doen, die geleerde regter enige persoon wat optree as direkteur van ineenskakelende maatskappye, in 'n riskante posisie plaas.

65. Onder die Suid-Afrikaanse reg moet 'n hele aantal faktore oorweeg word om te bepaal of 'n direkteur met sy maatskappy kan meeding, d.w.s. in sy persoonlike hoedanigheid of as direkteur van 'n mededingende maatskappy, insluitende die maatskappy se grondwet (d.w.s. akte van oprigting en statute),[55] die betrokke persoon se status in die maatskappy en enige kontrak wat tussen hom en die maatskappy mag bestaan.[56]

66. Oor die algemeen kan aanvaar word dat 'n besturende direkteur van een maatskappy nie terselfdertyd die besturende direkteur van 'n mededingende maatskappy mag wees nie. In *Atlas Organic Fertilizers (Pty) Ltd v Pikkewyn Ghwano (Pty) Ltd*[57] het Van Dijkhorst R hierdie beginsel herbevestig. Hy was egter bereid om daarvan af te wyk om 'n besturende direkteur wie se dienste beëindig is en wat sy kennismaand gewerk het, in staat te stel om 'n ander werkgeleentheid te kry, al was dit in mededinging met sy huidige maatskappy. Volgens die regter het dit nie noodwendig 'n groter belangebotsing veroorsaak as dié van 'n gewone direkteur wat in die direksies van twee mededingende maatskappye dien nie.

67. Goldstone R (soos hy toe was) se benadering in *Sibex Construction (SA) (Pty) Ltd v Injectaseal CC*[58] verskil wesenlik. Nadat hy daarop wys dat 'n direkteur se vertrouensplig in ons reg nie net ontstaan in situasies waar die direkteur as agent vir die maatskappy optree nie, maar ook op grond van die feit dat hy 'n trustee vir sy maatskappy is, sê hy voorts:

"On the facts of the present case I cannot conceive of an individual director being able to serve simultaneously on the boards of say Sibex and Furmatite (Pty) Ltd whether or not, as a fact, he was mandated to act as an agent for either or both of the companies. And the same would be true of the General Manager, even if not a director. The knowledge alone of the prices submitted by the one company would create an unresovable conflict of interests in relation to the other. Any benefit obtained by the one company by reason of its relationship with a Sasol Company or Natref would be to the disadvantage of the other. It would be a most unusual situation which allowed directors or senior officers or managers of one company to act in the same or similar capacity for a rival company without actual or potential conflict situations arising with frequent regularity. Even in the case of a non-executive director a similar conflict of interests could arise in circumstances not difficult to imagine.".

Hy sluit sy betoog oor die aangeleentheid af deur te sê dat die howe die "streng etiek" op hierdie gebied van die reg moet erken en streng moet afdwing sodat mense in vertrouensposisies minder in die versoeking kan kom om hulself in 'n posisie te plaas waar plig met belange bots.

68. Die oneerlike gebruik van vertroulike inligting deur 'n direkteur sal nie onder die Suid-Afrikaanse reg geduld word nie.[59]

Beperkende praktyk

69. "Beperkende praktyk" soos in artikel 1 van die Wet omskryf, beteken—

"(a) enige ooreenkoms, reëling of verstandhouding, hetsy regtens afdwingbaar of nie, tussen twee of meer persone; of

(b) enige besigheidspraktyk of handelsmetode, met inbegrip van enige metode om pryse vas te stel, hetsy deur die verskaffer van enige handels-artikel of andersins; of

(c) enige handeling of versuim deur enigiemand, hetsy hy onafhanklik of tesame met iemand anders optree; of

(d) enige toestand wat uit die bedrywighede van enige persoon of klas of groep persone ontstaan,

wat regstreeks of onregstreeks mededinging beperk deurdat die uitwerking het of waarskynlik sal hê om—

(i) die produksie of distribusie van enige handelsartikel te beperk; of

(ii) die fasiliteite beskikbaar vir die produksie of distribusie van enige handelsartikel in te kort; of

(iii) die prys van of enige ander teenprestasie vir enige handelsartikel te verhoog of te handhaaf; of

(iv) die produksie of distribusie van enige handelsartikel op die mees doeltreffende en ekonomiese manier te verhoed; of

(v) die ontwikkeling of invoering van tegniese verbeterings of die uitbreiding van bestaande of die skepping van nuwe markte te verhoed of te vertraag; of

(vi) die toetrede van nuwe produsente of distribueerders tot enige tak van die handel of nywerheid te verhoed of te beperk; of

(vii) die aanpassing van enige beroep of tak van die handel of nywerheid by veranderde toestande te verhoed of te vertraag."

Aandeelhouding

70. Daar bestaan geen twyfel nie dat iemand wat 'n absolute meerderheid van die aandele in 'n maatskappy hou, op die omvang daarvan kan steun om onder andere (a) die produksie van 'n bepaalde handelsartikel te beperk, (b) die uitbreiding van bestaande markte of die opening van nuwe markte te voorkom of te vertraag, of (c) die toetrede van 'n nuwe produsent of distribueerder in 'n bepaalde bedryfs- of nywerheidstak te voorkom of te beperk.

71. Dieselfde resultate kan bereik word waar iemand wat op sy eie of saam met iemand anders optree, in 'n posisie is om genoeg stemme te werf om 'n besluit wat 'n bepaalde handelswyse magtig, te blokkeer. Dit is die waarskynlikste dat dit sal gebeur in situasies wat die neem van 'n spesiale besluit vereis. 'n Aandeelhouer wat net meer as 25 persent van die beskikbare stemme in 'n maatskappy beheer, sal altyd in 'n posisie wees om die aanneem van 'n spesiale besluit te blokkeer. Soos egter in paragraaf 57 genoem, kan 'n aandeelhouding van selfs net meer as 6,25 persent in 'n maatskappy onder die regte omstandighede voldoende wees om 'n spesiale besluit te kelder.

72. Indien 'n aandeelhouer wat ook in staat is om 'n spesiale besluit te blokkeer, ook 'n mededinger is van die maatskappy waarin die aandele gehou word, kan sy optrede maklik die beperking van mededinging tot gevolg hê indien hy sy vetoreg uitoefen. Sodanige beperkings van mededining moet egter werklik plaasvind of waarskynlik sal plaasvind ten einde so 'n gevolg te hê.

73. In *S v ffrench-Beytagh*[60] is beslis dat die woorde "likely to have" op waarskynlikheid dui en dat dit nie blote moontlikhede of onwaarskynlike gebeurlikhede insluit nie. Hierdie uitleg is ook in ander sake aanvaar.[61]

74. By die beoordeling of iemand wat meer as 25 persent van die stemme in 'n maatskappy beheer werklik mededinging beperk of dit waarskynlik sal doen, moet eerstens oorweeg word of dit gesê kan word dat die blote hou van daardie getal aandele per se mededinging beperk

75. *British American Tobacco Co. Ltd & R. J. Reynolds Industries Inc v EC Commission* (Philip Morris Inc en Rembrandt Groep Bpk toetredend)[62] bied 'n voorbeeld van hoe die Europese Geregshof die aangeleentheid beskou. Die tersaaklike feite is kortliks soos volg:

76. Die Rembrandt Groep het Rothmans Tobacco (Holdings) Ltd besit, wat op sy beurt Rothmans International plc beheer het. Laasgenoemde ding mee met Philip Morris in die sigaretmark. In 1981 het Philip Morris en Rembrandt 'n ooreenkoms gesluit wat aan hulle gesamentlike beheer oor die sake van Rothmans International gegee het. Twee mededingers, British American Tobacco (BAT) en R J Reynold (RJR), het by die Kommissie beswaar aangeteken. Die Kommissie het beslis dat die ooreenkoms 'n skending van sowel Artikel 85 as Artikel 86 van die Verdrag van Rome was, veral omdat dit in werking sou tree in 'n oligopolistiese mark. Die ooreenkoms is laat vaar en deur 'n ander een in 1984 vervang.

77. Ingevolge die 1984-ooreenkoms het Philip Morris 'n aandeelhouding van 30,8 persent in Rothmans International verkry. Die aandeelhouding het egter slegs 24,9 persent van die stemme verteenwoordig. Rembrandt het 43,6 persent van die stemme gehad en was in 'n posisie om alleen effektiewe beheer oor Rothmans uit te oefen sonder enige verwysing na Philip Morris. Die Kommissie het verskeie ondernemings van Philip Morris ontvang. Die kern daarvan was dat hy hom nie in 'n posisie sou plaas waarin die gedrag van Rothmans beïnvloed word nie. Die Kommissie het dus tot die gevolgtrekking gekom dat die 1984-ooreenkoms nie 'n beperking op mededinging vir die doeleindes van artikel 85 behels of die misbruik van 'n dominante posisie ingevolge artikel 86 daarstel nie.

78. Die Kommissie het BAT en RJR se beswaar teen sy beslissing verwerp en die partye het daarna geappélleer na die Geregshof. Die Geregshof het die Kommissie se standpunt bekragtig dat die 1984-ooreenkoms nie een van die tersaaklike artikels geskend het nie.

79. Vir die doeleindes van hierdie verslag is die volgende verklaring deur die Hof belangrik:

"Although the acquisition by one company of an equity interest in a competitor does not in itself constitute conduct restricting competition, such an acquisition may nevertheless serve as an instrument for influencing the commercial conduct of the companies in question so as to restrict or distort competition on the market on which they carry on business.

That will be true in particular where, by the acquisition of a shareholding or through subsidiary clauses in the agreement, the investing company obtains legal or *de facto* control of the comercial conduct of the other company or where the agreement provides for commercial co-operation between the companies or creates a structure likely to be used for such co-operation."

80. Die Raad is van mening, steunende op hierdie uitspraak van die Geregshof, dat 'n onderneming wat meer as 25 persent van die aandele in 'n mededingende maatskappy hou, nie mededinging slegs op grond van die aandeelhouding beperk nie. Om dit te doen, sal die onderneming die beherende vermoë wat hy uit hoofde van sy aandeelhouding verkry het, moet uitoefen. Andersins sal, met inagneming van alle tersaaklike feite, op redelike gronde die aanname gemaak moet word dat hy waarskynlik op daardie wyse sal optree.

81. Indien 'n minderheidsaandeelhouer die aanneem van 'n spesiale besluit van 'n mededingende maatskappy blokkeer, sal aanvaar moet word dat hy gewoonlik sal beweer dat hy dit gedoen het om sy eie wettige belange as 'n aandeelhouer te beskerm. Die Raad sal steeds moet beslis of, op grond van die feite, 'n beperking van mededinging plaasgevind het. Dit is egter duidelik dat die regte van 'n minderheidsaandeelhouer van 'n mededingende maatskappy nie gehandhaaf kan word ongeag 'n beperking van mededinging deur daardie maatskappy nie.

82. In die geval van 'n beperking van mededinging wat die vorm aanneem van die veto van 'n spesiale besluit, is die betrokke optrede (naamlik die uitoefening van die vetoreg) maklik om te bewys. Die gevaar wat 'n onderneming wat meer as 25 persent van die stemme in 'n konkurrende maatskappy het vir mededinging inhou, is nie so maklik bepaalbaar nie. Dit is dus 'n groter bedreiging indien die optrede indirek of versluierd van aard is. Dit kan byvoorbeeld die geval wees waar 'n onderneming toestem of aanbied om nie sy vetoreg te gebruik nie in ruil vir die mededinger se ontrekking aan, of inkorting van bedrywighede in, 'n bepaalde geografiese mark, of waar die vetomag gebruik word om die mededinger tot mededinging-mydende optrede te dwing.

Ineenskakelende direksies

83. Alhoewel dit moontlik ekonomiese konsentrasie kan versterk, is dit so dat die bekleë van direkteurskappe in maatskappye wat nie konkurrente is nie, nie lei tot die komplekse regsprobleme wat ontstaan wanneer 'n persoon in die direksie van twee of meer konkurrerende maatskappye dien nie. Op die gebied van die maatskappyreg is so 'n situasie al vergelyk met "the walking of a tight rope,"[63] wat die betrokke persoon in 'n "almost untenable position"[64] of 'n "extraordinarily difficult situation"[65] plaas. Kondonering hiervan beteken gewoonlik dat praktiese oorwegings voorkeur geniet bo die etiese.

84. Sonder om uitermate krities te wees, kom dit voor of baie Suid-Arikaanse direkteure wat in die direksies van konkurrerende maatskappye dien, nie begaan is nie oor, of moontlik onbewus is van, hulle wankelrige regsposisie of die voorskrifte van kommersiële moraliteit. Dit wil ook voorkom of die implikasies wat hulle betrokkenheid by die direksies van twee of meer konkurrerende maatskappye uit 'n mededingingsgesigspunt kan hê, nie die aandag geniet wat dit verdien nie.

85. Verskeie vorme van samespanning, naamlik prysvasstelling, markverdeling en samespanning oor verskaffingsvoorwaardes, is ingevolge Goewermentskennisgewing No. 801 van 2 Mei 1986 verbied. Die samespannende optrede kan bewerkstellig word deur 'n ooreenkoms, reëling, verstandhouding, besigheidspraktyk of handelsmetode. Die moontlikheid kan nie uitgesluit word dat 'n direksievergadering vir daardie doel gebruik kan word nie, en persone wat in die direksies van konkurrerende maatskappye dien, kan nie ander sakegenote of die algemene publiek kwalik neem indien hulle skepties staan teenoor so 'n stand van sake nie.

86. Daar sal gevalle wees waar die teenwoordigheid van 'n maatskappydireksie van iemand wat in werklikheid deur 'n konkurrerende maatskappy daar geplaas is, met agterdog en selfs 'n mate van vyandigheid deur die ander direksielede bejeën sal word. In sulke omstandighede is samespanning buite die kwessie. Selfs "onwelkome" direkteure het egter die reg van toegang tot tersaaklike inligting oor die maatskappy en kan nie verhinder word om direksievergaderings by te woon nie. Wanneer vertroulike inligting wat 'n maatskappy met groot moeite sal wil verhoed dat 'n mededinger dit in die hande kry, voor die direksie gelê moet word, word die "almost untenable position" onhoudbaar.

87. Die voorgaande oorwegings is nie bepalend by die vraag of die dien in die direksies van verskillende maatskappye wat in dieselfde mark meeding, 'n beperkende praktyk uitmaak nie. Hierdie vraag moet beantwoord word met spesifieke verwysing na die definisie.

88. Dit kan nie beweer word dat die blote aanstelling van 'n direkteur van 'n maatskappy in die direksie van 'n konkurrerende maatskappy mededinging tussen hulle beperk nie. Dit het ook nie een van die sewe gevolge wat in die omskrywing van 'n beperkende praktyk genoem word nie. Dieselfde geld byvoorbeeld in die geval waar, in 'n direksie van agt, die direkteur van 'n konkurrerende maatskappy die enigste stem uitbring teen 'n voorstel om bestaande markte uit te brei of nuwes te open. Selfs die beskikking oor vertroulike inligting beperk nie per se mededinging of gee aanleiding tot enige van die vereiste gevolge nie. Die sleutelelemente wat nodig is om 'n beperkende praktyk daar te stel, is in hierdie situasies afwesig. Aan die ander kant sal dit wel 'n beperkende praktyk wees indien 'n direkteur van 'n maatskappy vertroulike inligting, wat hy in sy hoedanigheid as direkteur van 'n ander konkurrerende maatskappy verkry het, aanwend om byvoorbeeld die uitbreiding van laasgenoemde maatskappy se bestaande markte of die opening van nuwe markte te voorkom, en daardeur mededinging tussen die twee ondernemings beperk. Die evaluering van 'n direkteur se gedrag en 'n bevinding daaroor moet in elke geval op grond van die tersaaklike feite geskied.

Verkryging

89. "Verkryging", soos omskryf in die Wet, beteken ". . . die verkryging deur die houer van 'n beherende belang in 'n besigheid of onderneming betrokke by die produksie, vervaardiging, verskaffing of distribusie van enige handelsartikel, van sodanige belang (a) in 'n ander besigheid of onderneming aldus betrokke; of (b) in 'n bate wat aangewend word of kan word vir of in verband met die produksie, vervaardiging, verskaffing of distribusie van so 'n handelsartikel, mits sodanige verkryging die uitwerking het of waarskynlik sal hê om mededinging regstreeks of onregstreeks te beperk, en het "verkry" 'n ooreenstemmende betekenis".

90. "Beherende belang" is 'n sleutelbegrip in die omskrywing. Dit beteken met betrekking tot "(a) 'n besigheid of onderneming, enige belang van watter aard ook al wat die houer daarvan in staat stel om regstreeks of onregstreeks enige beheer van watter aard ook al oor die bedrywighede of bates van die besigheid of onderneming uit te oefen; en (b) 'n bate, enige belang van watter aard ook al wat die houer daarvan in staat stel om regstreeks of onregstreeks enige beheer van watter aard ookal oor die bate uit te oefen".

91. Nieteenstaande die toeligting verskaf in die Wet, moet 'n aantal begrippe in die hierbo aangehaalde omskrywings verder verklaar word. Dit is 'n taak van die Parlement in eerste instansie aan die Raad toevertrou het. By die uitoefening daarvan sal die Raad vanselfsprekend verantwoordelik optree binne die perke van redelikheid en ooreenkomstig die aanvaarde reëls wat geld by die uitleg van wette.

92. Die "houer" van 'n beherende belang soos dit in die omskrywing van "verkryging" verskyn, beteken klaarblyklik ook die "houers" van so 'n belang.[66] Ontkenning dat "houer" ook "houers" insluit, sal die Wet se bepalings oor verkrygings prakties negeer, aangesien dit die willekeurige ontduiking daarvan sal veroorloof. Aan die ander kant beteken die aanvaarding dat twee of meer natuurlike of regspersone saamgevoeg kan word om te bepaal of 'n beherende belang in 'n besigheid of onderneming verkry is, nie dat dit op 'n beuselagtige of geforseerde wyse gedoen kan word nie. Inteendeel, die vereiste verband moet in die omstandighede redelik wees en in ooreenstemming met die voorskrifte van kommersiële gesonde verstand. Die verhouding tussen 'n beheermaatskappy en sy filiale en tussen 'n beheerde maatskappy en sy beherende maatskappy is duidelik voldoende, maar dit kan ook die geval wees by 'n verhouding tussen partye wat gesamentlik optree ingevolge 'n ooreenkoms, reëling of verstandhouding, hetsy formeel of informeel, uitdruklik of stilswyend.

93. "Beheer" ("control") is 'n woord wat nie in die Wet omskryf word nie. Die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* omskryf dit egter as—

"1. Bestuur, toesig; kontrole = Beheer oor alle gelde hê. Die beheer oor iets voer.

2. Administrasie, sorg dra vir, bestuur;"

terwyl Reynders *Die Taak van die Bedryfsleier* [3de uitg. (1975)131] dit stel dat

"Beheer veronderstel . . . die reg om opdragte te gee, te kommandeer, te adviseer, sanksies te gebruik en optrede te wysig . . ."

In die *Shorter Oxford Dictionary* word die betekenis van "control" gegee as—

"1. The fact of controlling, or of checking and directing action; domination; command, sway.

2. Restraint, check.

3. A method or means or restraint or check.

4. A person who acts as a check; a controller."

In die *Concise Oxford Dictionary* word "control"soos volg omskryf:

"Dominate, command; exert control over (*-ling interest,* ownership of majority stock or other means to determine policy of a business etc.), hold in check (oneself, one's anger); check, verify, regulate (prices etc.) ..."

Die *Oxford Advanced Learner's Dictionary of Current English* sê "control" is onder andere "the power to direct, order or restrain".

94. Deur te verkies om "beherende aandeel" te omskryf in terme van "enige belang van watter aard ook al" en "enige beheer van watter aard ook al", wat boonop "regstreeks of onregstreeks" uitgeoefen kan word, het die parlement 'n wye betekenis aan die begrip verleen. Dit was wat bedoel om 'n verskeidenheid situasies te omvat. Dus sluit "enige beheer van watter aard ook al" duidelik verskillende grade van beheer in. Dit kan wissel van absolute of totale beheer tot relatief minder beheer waarvan nietemin tereg kennis geneem kan word. As in gedagte gehou word dat "control" ook beteken "to restrain" of 'n "method or means of restraint", kan die gevolgtrekking gemaak word dat 'n beherende belang verkry kan word in gevalle waar 'n persoon wat "enige belang van watter aard ook al" het—

(a) *de iure-* of *de facto*-beheer oor die bedrywighede of bates van 'n besigheid of onderneming kan uitoefen, deur byvoorbeeld in staat te wees om voor te skryf watter beleidsrigtings die besigheid of onderneming moet volg of watter gedragslyn dit moet volg, en

(b) in staat is om die belang wat hy in 'n besigheid het, te gebruik slegs om te verhoed dat sekere handelinge rakende die bedrywighede of bates van die besigheid plaasvind.

95. Met betrekking tot hierdie bevinding is dit gepas om te meld dat mnr. H. F. Oppenheimer, 'n voormalige voorsitter van Anglo en De Beers, hieroor dink. Hy het geskryf:

"[The] Group System as we understand it in South Africa, does not involve the control by one company of others in the sence of the controlling company holding the majority of the share capital in a number of subsidiaries. We speak loosely of certain companies being controlled by the Central Mining or the Union Corporation or the Anglo America and so on. But while the so-called controlling company will hold a share interest, and usually a large share interest, in the companies of its group, it will seldom, if ever, hold anything approaching a majority interest.

Very often effective control will be excercised when only a comparatively small interest in the controlled company is held."[67]

96. Die wye betekenis wat die begrip "beherende belang" aan die omskrywing van "verkryging" verleen, word ingeperk deur die voorbehoudsbepaling dat 'n verkryging die gevolg moet hê, of waarskynlik sal hê, dat "mededinging regstreeks of onregstreeks" beperk sal word.

97. "Mededinging beperk" is ook 'n begrip wat nie in die Wet omskryf word nie. Met die eerste oogopslag lyk dit na 'n heel eenvoudige frase. Die waarheid is egter dat dit baie kompleks is en heelwat konsepsionele probleme inhou.[68] By die toepassing daarvan kan die Raad dit nie 'n abstrakte betekenis gee nie, maar moet hy deeglik kennis neem van al die tersaaklike faktore in 'n gegewe saak en moet hy gelei word deur die voorskrifte van kommersiële gesonde verstand. Hierdie proses sal altyd vereis dat die betrokke produk en geografiese markte, asook die relatiewe markaandele van die ondernemings wat daarin bedrywig is, omskryf word.

98. Die Raad se *Beleidsriglyne oor Verkryging van Beheer* (1981) stel dit dat die Raad slegs belang het by verkrygings wat waarskynlik 'n "beduidende uitwerking" op mededinging sal hê. Dit dui op die navolging van die grondbeginsel *de minimus non curat lex.* Dit is ook die benadering wat deur die Europese Geregshof gevolg word by die uitleg van die Gemeenskapsmark se mededingingreëls.[69] Kanadese,[70] Nieu-Seelandse[71] en Australiese [72] wetgewing oor die onderwerp maak spesifiek voorsiening vir 'n "substantial" vermindering van mededinging. Alhoewel 'n transaksie gewoonlik in isolasie beoordeel word by die bepaling of die uitwerking daarvan op mededinging beduidend is, kan die kumulatiewe uitwerking van 'n reeks kleiner verkrygings oor 'n tydperk in die gepaste omstandighede in aanmerking geneem word by die bepaling van die uitwerking daarvan op mededinging.

99. Sommige nadelige gevolge vir mededinging is makliker waarneembaar as ander. As 'n algemene reël sal die Raad, in ooreenstemming met die gebruik in ander regstelsels, aanvaar dat daar 'n uitwerking op mededinging sal wees wat nadere ondersoek vereis waar 'n samesmelting of oorname lei tot die verkryging of versterking van 'n dominante posisie, [73] of waar dit die uitskakeling van 'n effektiewe mededinger tot gevolg het.[74] In hierdie konteks regverdig belemmerings op toetrede ook oorweging. Daar is aan die hand gedoen dat enige samesmeltingsbeleid wat 'n hoë premie op ekonomiese doeltreffendheid en verbruikerswelvaart plaas, slegs dié dinge as "belemmerings vir toetrede" moet aandui wat die onderhawige ondermenings toelaat om by monopolieprys-vasstelling betrokke te raak terwyl buitestanders daarvan weerhou word om tot die mark toe te tree.[75]

100. Ten einde te bepaal of 'n verkryging plaasgevind het, beteken 'n aandeelhouding van meer as 50 persent klaarblyklik *de iure*-beheer oor die maatskappy, terwyl 'n belang van minder as 50 persent *de facto*-beheer tot gevolg kan hê[76] 'n Persoon wat op grond van sy stemkrag die aanname van 'n spesiale besluit kan blokkeer, het ook 'n beherende belang in 'n maatskappy. Elkeen van hierdie manifestasies van 'n beherende belang is nie *per se* voldoende om 'n verkryging daar te stel nie. Dit is slegs wanneer dit in werklikheid 'n beperking van mededinging tot gevolg het of dit waarskynlik sal het, of wanneer dit op so 'n wyse uitgeoefen word dat dit so 'n resultaat tot gevolg het of waarskynlik sal hê, dat gesê kan word dat 'n verkryging plaasgevind het.

101. Om bloot 'n direkteur van 'n maatskappy te word, selfs indien die betrokke persoon reeds die direkteur van 'n konkurrerende maatskappy is, bring nie 'n beherende belang mee nie. Alliansies wat so 'n direkteur met ander direksielede aangaan waardeur hulle in staat gestel word om 'n meerderheid stemme by direksievergaderings te beheer, kan egter so 'n belang verleen. Die kwessie van die vereiste beperking van mededinging of die waarskynlikheid daarvan bly egter steeds staan, en sal op die feite aangetoon moet word voordat gesê kan word dat 'n verkryging plaasgevind het of dat dit waarskynlik sal plaasvind.

Monopoliesituasie

102. Vir baie mense is "monopolis" 'n woord wat met onheil gelaai is. Die rede hiervoor is die gepersipieerde, en in sommige gevalle duidelik bewese, sosiale koste wat die samelewing as gevolg hiervan ly,[77] selfs al is die samelewing nie noodwendig armer omdat die monopolis bestaan nie. Dit kon dus verwag word dat lande meganismes sal instel om die skadelike gevolge tot 'n minimum te beperk of te voorkom wat 'n monopolis, indien hy 'n vrye hand sou hê, die samelewing kon laat ly.

103. Byvoorbeeld, in Amerika verklaar artikel 2 van die Sherman Act onder andere:

"every person who shall monopolize, attempt to monopolize or conspire with any other person or persons to monopolize any part of the trade or commerce among the several States . . . shall be deemed guilty of a misdemeanor."

Dit word aanvaar dat 'n monopoliemag kan ontstaan weens 'n meerderwaardige produk, sakevernuf, natuurlike voordele, ekonomiese of tegnologiese doeltreffendeheid of historiese toeval,[78] en die blote beskikking oor monopoliemag veroordeel 'n markdeelnemer nie *ipso facto* nie. Onwettige monopolisering vereis gevolglik 'n bewys dat die verweerder (a) "monopoliemag" besit wat wesenlike markmag is, en (b) daardie mag uitgeoefen het.[79]

104. 'n Aantal regstelsels gebruik nie meer die woorde "monopolis", "monopolie" of "monopoliseer" in hulle mededingingswetgewing nie. Hulle gebruik eerder die begrip "dominante posisie" en beoog om enige misbruike van so 'n posisie onwettig te verklaar.[80]

105. In Suid-Afrika word 'n "monopoliesituasie" omskryf as—

" 'n situasie waar enige persoon, of twee of meer persone met 'n wesenlike ekonomiese verbintenis, geheel en al of grootliks die tipe besigheid waarin hy of hulle met betrekking tot enige handelsartikel betrokke is, in die Republiek of enige deel daarvan beheer".

106. Eerstens moet daarop gelet word dat die omskrywing op relatiewe in teenstelling met absolute grootte konsentreer. Grootte *per se* is met ander woorde nie die teiken nie. 'n Ander fout wat soms gemaak word, is om te glo dat, indien 'n maatskappy meerdere aandeelhouers het hy nie as 'n monopolis beskou kan word nie. Die omskrywing laat klaarblyklik nie so 'n uitleg toe nie. Verdere toeligting van sommige van die spesifieke komponente van die omskrywing is ook nodig.

107. Ingevolge artikel 2 van die Interpretasiewet 1957 is publieke en private maatskappye, beslote korporasies en ander regspersone, vennootskappe en individue almal "persone" ten einde te bepaal of 'n monopoliesituasie bestaan.

108. "Handelsartikel", soos omskryf in die Wet, sluit in enige fabrikaat of merk van enige handelsartikel, enige boek, tydskrif, koerant of ander publikasie, enige gebou of bouwerk en enige diens, hetsy persoonlik, professioneel of andersins, met in begrip van enige opbergings-, vervoer-, versekerings- of bankdiens.

109. Die bepaling van wat "die Republiek of enige deel daarvan" uitmaak, moet gedoen word ooreenkomstig die voorskrifte van kommersiële gesonde verstand, na behoorlike oorweging van al die tersaaklike feite. "Enige deel" kan byvoorbeeld die geheel of 'n deel van een van die provinsies behels, of die geheel of 'n deel van twee of meer provinsies.

110. "Besigheid" is 'n woord met 'n wye betekenis en dui op enige bedrywigheid wat 'n persoon se tyd en aandag in beslag neem, gewoonlik, maar nie noodwendig nie, met die doel om 'n wins te maak.[81]

111. In *Salisbury City Council v Donnel*[82] het Murray HR die volgende te sê gehad rakende "class" ("tipe" besigheid):

"The word 'class' is indefinite. In cases where business consists of rendering service, the number of classes depends on the varieties of services rendered. Where it consists of sale of goods there are obviously different classes of business according to the difference in character of the goods sold. Equally it seems to me, there are different classes of business according to the varying manners in which business is conducted."

112. Soos reeds genoem, noodsaak die mededingingsreëls in ander regstelsels die gebruik van die begrip "relevante mark" wanneer aandag geskenk word aan verkrygings[83] of beweerde misbruike van 'n dominante posisie.[84] Wanneer vergelykings getref word tussen "class of business" soos omskryf deur Murray HR, gelees met "enige handelsartikel" en die "relevante mark", blyk dit dat eersgenoemde 'n enger omskrewe begrip is as "relevante mark".

113. 'n Aantal faktore, waarvan nie een, indien dit afsonderlik beskou sou word noodwendig bepalend sou wees nie, het 'n invloed op die vraag of iemand 'n tipe besigheid "geheel en al of grootliks . . . beheer". Meer spesifiek moet aandag geskenk word aan—

(a) die markaandeel, tegniese kennis en toegang tot grondstowwe en/of kapitaal van die persoon wie se posisie bepaal word;

(b) die vergelykende krag van daardie persoon se mededingers (as daar is) in die betrokke tipe besigheid en die gemak waarmee nuwe mededingers tot so 'n besigheid kan toetree; en

(c) die mate waarin daardie persoon beperk word deur die optrede van verskaffers of aanskaffers van goedere of dienste in die betrokke tipe besigheid.[85]

Die woord "grootliks" sluit persone by die omskrywing in wat, alhoewel hulle nie eksklusiewe beheer het in die tipe besigheid waarin hulle bedrywig is nie, nietemin in 'n posisie is om wesenlike beheer daaroor uit te oefen. Die kwantitatiewe en kwalitatiewe parameters van die voorgeskrewe graad ("grootliks") van beheer moet op 'n saak-tot-saak-grondslag beslis word ooreenkomstig die voorskrifte van kommersiële gesonde verstand. Dit is nietemin duidelik dat die mate van beheer wat in die geval van 'n monopoliesituasie vereis word, omvangryker is as dié in die geval van 'n verkryging.

114. 'n Persoon moet die tipe besigheid met betrekking tot 'n bepaalde handelsartikel beheer om 'n monopoliesituasie daar te stel. Vir twee of meer persone om so 'n situasie te bewerkstellig, moet daar ook 'n "wesenlike ekonomiese verbintenis" tussen hulle wees. Aangesien geen verdere toeligting oor hierdie frase in die Wet self te vind is nie, moet "wesenlike ekonomiese verbintenis" noodgedwonge op 'n ad hoc-grondslag bepaal word deur al die tersaaklike faktore deeglik in aanmerking te neem.

115. Die verhouding tussen 'n houermaatskappy en sy filiale of tussen 'n beherende maatskappy en die maatskappye wat hy beheer, dui onvermydelik op 'n wesenlike ekonomiese verbintenis tussen hulle. 'n Aansienlike mate van kruisbesit van aandele gekoppel aan ineenskakelende direksies sal ook, na die Raad se mening, op die vereiste verbintenis dui. Aan die ander kant van die skaal kwalifiseer 'n ooreenkoms, reëling of verstandhouding tussen twee andersins onverbonde entiteite om 'n tipe besigheid te beheer, moontlik nie as 'n ekonomiese verbintenis nie. Hulle ooreenkoms, reëling of verstandhouding kan egter 'n beperkende praktyk daarstel of selfs Goewermentskennisgewing No. 801 van 2 Mei 1986 oortree. Aangesien "wesenlike ekonomiese verbintenis" in samehang met "beheer" gelees moet word, blyk dit dat, waar een maatskappy het maar geen vooruitsig het om laasgenoemde maatskappy ooit te oorreed om met hom saam te werk met die oog op die beheer van 'n bepaalde tipe besigheid nie, die vereiste "wesenlike ekonomiese verbintenis" tussen hulle om 'n monopoliesituasie daar te stel, nie bestaan nie.

Openbare belang

116. Op slot van sake word beperkende praktyke, verkrygings en monopoliesituasies almal beoordeel aan die hand van die vraag of hulle die openbare belang dien of daarmee in stryd is. Gedrag of transaksies wat 'n beperkende praktyk of 'n verkryging daarstel, word in effek as teen die openbare belang beskou. Dit kan afgelei word uit artikel 12 (2) van die Wet, wat verklaar dat, indien die Raad nie oortuig is dat 'n beperkende praktyk of verkryging in die openbare belang geregverdig is nie, hy by die Minister moet aanbeveel dat daar kragtens artikel 14 (1) opgetree word soos die Raad onder die omstandighede nodig ag. 'n Monopoliesituasie word aan die ander kant beskou as nie teen die openbare belang nie. Artikel 12 (2) bepaal dat slegs wanneer die Raad oortuig is dat 'n monopoliesituasie nie in die openbare belang geregverdig is nie, hy 'n aanbeveling kan doen om die situasie te herstel.[86]

117. Oningeligde persone of persone met 'n gebrek aan begrip kan moontlik "openbare belang" as 'n "totaal inhoudlose" begrip beskou. Hulle sal natuurlik verkeerd wees. "Openbare belang", saam met *"boni mores"*, "goeie trou", die "redelike mens", ens., is noodsaaklike begrippe vir die behoorlike funksionering van enige gesofistikeerde regstelsel. Dit maak voorsiening vir die nodige buigsaamheid in die toepassing van die reg in wyd uiteenlopende situasies en veranderende omstandighede waarvoor geen wetgewer, hoe nougeset of versiende hy ook al is, ooit bevredigend binne die inherente onbuigsaamheid van statutêre voorskrifte voorsiening kan maak nie.

118. Alle mededingingswetgewing of regspraak berus regstreeks of onregstreeks op die begrip "openbare belang" of die ekwivalent daarvan.[87] Die inhoud van die begrip kan van land tot land ietwat verskil, maar daar is steeds 'n groot mate van gemeenskaplikheid tussen hulle.

119. In Australië sal magtiging vir 'n verkryging wat deur artikel 50 of artikel 50A van die Trade Practices Act 1974 gedek word, slegs toegestaan word waar dit 'n mate van openbare voordeel tot gevolg het of waarskynlik tot gevolg sal hê. Die voordeel word beskryf as "a net or overall benefit after any detriment to the public resulting or likely to result from the proposed acquisition has been taken into account".[88] Die tribunaal in die *QCMA*-saak,[89] wat voor die 1977-wysigings aan die Wet beslis is, het 'n "balance sheet approach" aanvaar, waarvolgens waarskynlike voordele en nadele teen mekaar opgeweeg word, en het verklaar dat 'n wye begrip van openbare belang by die toets betrokke is, met inbegrip van die belange van die publiek as kopers, verbruikers of gebruikers. Daar kan ook melding gemaak word van die Trade Practices Commission se *Merger Guidelines,* waarin verklaar word dat die Kommissie erken dat samesmeltings 'n openbare voordeel tot gevolg kan hê waar dit—

(a) 'n voordelige rasionalisasie van die nywerheid teweegbring deur groter doeltreffendheid en beter toedeling van die hulpbronne tot gevolg het (wat bewys moet word),

(b) die internasionale mededingendheid van die betrokke ondernemings bevorder (hetsy op binnelandse markte of op uitvoergebied),

(c) sal lei tot (i) hoër bydraes tot belangrike navorsing en ontwikkeling, (ii) infrastruktuurontwikkeling in streekgebiede, (iii) beter vermoë om kostestygings te absorbeer en/of prysstygings te stuit, en (iv) aanmerklike stabiliteit by en verhoging van werkverskaffing.[90]

120. Artikel 84 van die Verenigde Koninkryk se Fair Trading Act 1973 verklaar dat die Monopolies and Mergers Commission, by die bepaling of enige spesifieke aangeleenthed teen die openbare belang inwerk, alle aangeleenthede in aanmerking kan neem wat in die bepaalde omstandighede vir hulle ter sake lyk, met inbegrip van—

(a) die handhawing en bevordering van doeltreffende mededinging tussen persone wat goedere en dienste in die Verenigde Koninkryk verskaf;

(b) die bevordering van die belange van verbruikers, kopers en ander gebruikers van goedere en dienste met betrekking tot die pryse wat daarvoor gevra word en die kwaliteit en verskeidenheid daarvan;

(c) die bevordering van die ontwikkeling en gebruik van nuwe tegnieke en nuwe produkte;

(d) die handhawing en bevordering van die gebalanseerde verspreiding van bedrywe en werkgeleenthede in die Verenigde Koninkryk; en

(e) die handhawing en bevordering van mededingende bedrywighede in markte buite die Verenigde Koninkryk aan die kant van produsente van goedere, en van verskaffers van goedere en dienste in die Verenigde Koninkryk.

121. Die Canadian Competition Act 1986 bevat geen uitdruklike bepalings oor die inhoud van openbare belang of openbare voordeel nie. Mens kan nietemin so 'n inhoud uit die "Purpose"-artikel van die Wet aflei. Dit bepaal dat mededinging in Kanada gehandhaaf en aangemoedig moet word om die doeltreffendheid en aanpasbaarheid van die Kanadese ekonomie te bevorder ten einde onder andere (a) geleenthede vir Kanadese deelname aan wêreldmarkte uit te brei, (b) te verseker dat klein en middelslag ondernemings 'n billike geleentheid het om aan die Kanadese ekonomie deel te neem, en (c) om verbruikers van mededingende pryse en produkkeuses te voorsien.

122. By die bepaling of optrede, 'n transaksie of 'n situasie die openbare belang dien, volg die Raad in effek ook 'n sogenaamde "balansstaat"-benadering wat die feit erken dat die onderskeie belange wat in 'n gegewe geval identifiseer word, nie noodwendig dieselfde sal wees nie. Hulle word dan ooreenkomstig die relatiewe belangrikheid daarvan 'n gewig toeken en teen mekaar opgeweeg.[91] Die meeste van die faktore wat in die onmiddellike voorafgaande paragrawe vermeld word, is by verskillende geleenthede deur die Raad in aanmerking geneem. Die Raad se *Beleidsriglyne oor Verkryging van Beheer* van 1981 noem meer spesifiek groter doeltreffendheid, tegnologiese vooruitgang, meer werkgeleenthede en 'n positiewe uitwerking op die land se betalingsbalans as faktore wat die openbare belang dien.

123. Alhoewel die Raad en die Minister albei die optrede van partye of 'n bepaalde transaksie moet opweeg teen die maatstaf van die openbare belang by die bepaling of die reëls oor mededinging oortree is, beteken dit nie dat hulle onderskeie persepsies van daardie begrip, en derhalwe hulle bevindings in 'n bepaalde geval, noodwendig sal ooreenstem nie.[92]

TOEPASSING VAN DIE BEGINSELS

Inleiding

124. Wanneer die Raad kennis gee van 'n ondersoek ingevolge artikel 10 van die Wet, moet hy rede hê om te glo dat (a) 'n beperkende praktyk bestaan of mag ontstaan, (b) 'n verkryging plaasgevind het of voorgestel word of (c) 'n monopoliesituasie bestaan of mag ontstaan. Die doel van 'n ondersoek is gevolglik óf om die Raad se *prima facie*-indrukke te bevestig en om hom in 'n posisie te stel om regstellende optrede aan te beveel, óf om sy aanvanklike kommer uit die weg te ruim. Vir die doel word alle belanghebbende partye uitgenooi om getuienis en argumente voor te lê wat op die saak betrekking kan hê. Die Raad sal gewoonlik nie in die aanvangstadium van sy ondersoek in 'n posisie wees om kategoriese uitsprake oor die tersaaklike kwessies te maak nie, maar sal, waar dit nodig blyk, sy indrukke oor betrokkenheid by 'n gepersipieerde beperkende praktyk, verkryging of monopoliesituasie aan die betrokke partye oordra sodra genoeg duidelikheid daaroor verkry is. Partye word dan die geleentheid gebied om te reageer voordat die Raad sy verslag finaliseer.

125. 'n Kenmerk van die Anglo- en De Beers-voorleggings was die besondere klem wat geplaas is op maatskappyregbeginsels en die regte wat ingevolge daardie beginsels verkry word. In werklikheid is dit bykans of hulle implisiet probeer het om aan hierdie beginsels die status van 'n *grundnorm* te verleen waartoe ander vertakkinge van die reg, met inbegrip van die reëls wat mededinging reël, ondergeskik is of moet wees.

126. Om enige misverstand wat steeds hieroor mag bestaan uit die weg te ruim, moet daarop gewys word dat daar nie op die beginsels van die maatskappyreg gesteun kan word om die reëls oor mededinging te ondermyn nie. Optrede wat kragtens die maatskappyreg wettig mag wees, kan ingevolge die Wet op die Handhawing en Bevordering van Mededinging 1979 onaanvaarbaar wees. In hierdie verband word verwys na die Paneel oor Sekuriteiteregulering se *Kode oor Oornames en Samesmeltings* wat ingevolge artikel 440C van die Maatskappywet 1973 uitgereik is, en wat in die Verklarende Aantekening van die Kode verklaar dat "Die reëls ter regulering van mededinging kan uit eie reg 'n uitwerking uitoefen op geaffekteerde transaksies".

Selfs meer uitdruklik is artikel 14 (1) (c) van die Wet. Dit magtig die Minister om 'n beperkende praktyk, verkryging of monopoliesituasie onwettig te verklaar en om enige persoon wat by sodanige beperkende praktyk of monopoliesituasie betrokke is of wat 'n party by so 'n verkryging was, te gelas om (a) enige liggaam met of sonder regspersoonlikheid te ontbind, (b) enige verband of vorm van assosiasie tussen twee of meer persone, met inbegrip van enige sodanige liggame, te verbreek, (c) die lidmaatskap van 'n lid van enige liggaam met regspersoonlikheid te beëindig, of (d) die uitoefening van die reg om te stem verbonde aan die hou van 'n aandeel in so 'n liggaam, te verbied.

127. Om in die omstandighede te beweer dat, ongeag die uitwerking daarvan op mededinging, die stappe wat 'n minderheidsaandeelhouer in 'n maatskappyreg-konteks mag doen, gevrywaar is teen ondersoeke deur die Raad of die Minister, is om die parameters van 'n minderheidsaandeelhouer se regte te misken.

Aanstellings in GFSA-direksie

128. Die stappe wat gedoen is op GFSA se uitgestelde jaarvergadering wat op 15 Januarie 1991 gehou is en waar mnr. E. P. Gush uit GFSA se direksie gestem is, het Anglo en De Beers se argument dat hulle en hulle filiaal- en geassosieerde maatskappye geen reg of mag het om een of meer van GFSA se direkteure aan te stel nie, bewys. In die lig daarvan is dit dus slegs hulle aandeelhouding in GFSA wat oorweeg moet word.

Beperkende praktyk

129. Inligting wat deur GFSA verskaf is toon dat, vir die tydperk 1980 tot 1989, die bywoningspersentasie van aandeelhouers by vergaderings gewissel het tussen 'n laagste syfer van 42 persent en 'n hoogste syfer van 71 persent. Die gemiddelde bywoning gedurende hierdie periode was 54 persent. 'n Mens kan dus tot die gevolgtrekking kom dat, op enige tydstip tydens die voormelde tydperk, 'n maksimum aandeelhouding van slegs 18 persent nodig was om 'n spesiale besluit te blokkeer. Onmiddellik voor 1 Junie 1989 het Anglo en De Beers en hulle filiaal- en geassosieerde maatskappye meer as 18 persent van die aandele in GFSA gehou.

130. Die Raad aanvaar dat die aandeelhouding deur een maatskappy in 'n mededinger se onderneming, ofskoon van 'n voldoende omvang om 'n spesiale besluit te blokkeer, nie *per se* 'n beperkende praktyk daarstel nie. Die uitoefening van so 'n vetoreg kan in bepaalde omstandighede egter wel so 'n praktyk daarstel.

131. Geen getuienis is ontvang wat daarop dui dat Anglo en De Beers ooit hulle stemreg in GFSA uitgeoefen het of gedreig het om uit te oefen op 'n wyse wat mededinging tussen hulle beperk het of sou beperk het nie. Hoewel die Raad nie die *moontlikheid* kan uitsluit dat hulle in die toekoms kan poog om dit te doen nie, steun die getuienis nie 'n bevinding dat hulle *waarskynlik* op hierdie wyse sal optree nie. Die Raad kom dus tot die slotsom dat die koop van aandele in GFSA deur Anglo en De Beers of hulle filiaal- en geassosieerde maatskappye sedert 1 Junie 1989 nie 'n beperkende praktyk daarstel nie.

Verkryging

132. Gedurende die verrigtinge wat veroorsaak is deur Minorco se aanbod vir Consgold, het Brittanje se Monopolies and Mergers Commission[93] en die Europese Kommissie[94] geen twyfel gelaat nie dat Anglo en De Beers gesamentlik oorweeg moet word met betrekking tot hulle aandeelhouding in ander maatskappye. Met inagneming van die feit dat (a) elk van die twee maatskappye 'n aandeelhouding van meer as 30 persent in die ander het, (b) die twee maatskappye dieselfde voorsitter en 'n gemeenskaplike ondervoorsitter het en dat vier ander persone in die direksies van albei maatskappye dien en twee alternatiewe direkteure van Anglo in die De Beers-direksie dien, en (c) die twee maatskappye elk 50 persent van die aandele in Isatin Investment Holdings (Edms.) Bpk. hou, huiwer die Raad nie om te aanvaar dat Anglo, De Beers, Isatin en Amgold vir die doeleindes van hierdie ondersoek gesamentlik beskou kan word as die houer van 'n belang in GFSA nie.

133. Die Raad is verder van mening dat die omvang van die voormelde maatskappye se gekombineerde belang 'n "beherende belang" uitmaak, soos voorgeskryf in die omskrywing van "verkryging". Die Raad glo egter nie dat die hou van so 'n "beherende belang" in GFSA deur die betrokke maatskappye *per se* mededinging tussen hulle en GFSA beperk nie. In die afwesigheid van getuienis wat 'n teenoorgestelde standpunt steun, bevind die Raad gevolglik dat die koop van aandele in GFSA deur Anglo en De Beers of hulle filiaal- en geassosieerde maatskappye sedert 1 Junie 1989 nie 'n verkryging tot gevolg gehad het nie.

Monopoliesituasie

134. GFSA is 'n maatskappy wat vasbeslote is om nie deur Anglo en De Beers gedomineer of beheer te word nie. Dit maak dit onwaarskynlik dat hy met Anglo en De Beers sal saamwerk om gesamentlik 'n bepaalde tipe besigheid te beheer. Daar is beslis geen getuienis tot die teendeel nie. 'n Mens kan derhalwe aanvaar dat die bestaande omvang van Anglo en De Beers se aandeelhouding nie voldoende is om 'n bevinding te steun dat daar 'n "wesenlike ekonomiese verbintenis" tussen hulle is wat tot die beheer van 'n bepaalde tipe besigheid aanleiding gee nie. Die koop van aandele in GFSA deur Anglo en De Beers of hulle filiaal- en geassosieerde maatskappye sedert 1 Junie 1989 het gevolglik ook nie die skep van 'n monopoliesituasie wat al hierdie maatskappye insluit, tot gevolg gehad nie.

AANBEVELING

135. Aangesien die bepaalde feite wat in hierdie ondersoek aan die lig gekom het, nie 'n beperkende praktyk of 'n verkryging daarstel nie en ook nie aanleiding gegee het tot 'n monopoliesituasie nie, hoef geen verdere stappe deur die Raad of die Minister gedoen te word nie.

NASKRIF

136. Hierdie ondersoek het betrekking gehad op 'n maatskappy waarin twee van die land se grootste konglomerate, die Rembrandt-groep en die Anglo-groep, elk 'n wesenlike aandeel het. Hoewel die bewerings van mededinging-mydende gedrag bygelê is, glo die Raad dat die tyd vir hulle en trouens vir alle belenghebbende partye geleë is om op die breër implikasies van die geval te konsentreer, naamlik die uitgebreide netwerk formele verhoudinge wat tussen die groot konglomerate in Suid-Afrika bestaan.

137. Die besorgdheid oor die omvang van maatskappykonglomerasie strek wyd en dek alle skakerings van politieke standpunte. Daar is natuurlik diegene wat, moontlik omdat hulle voeling verloor het met die standpunte en aspirasies van hierdie land se burgers, heeltemal tevrede is om die *status quo* te handhaaf. Andere, moontlik weens die feit dat hulle 'n geïntegreerde deel van 'n konglomeraatstruktuur uitmaak, wend swak bedekte pogings aan om die aandag van die kwessie af te lei.[95] In teenstelling hiermee was daar onomwonde oproepe vir die verbrokkeling van die konglomerate.

138. Die Raad aanvaar as uitgangspunt dat 'n mate van konglomeraatvorming of diversifikasie nie slegs aanvaarbaar nie, maar ook wenslik is. Die aanduidings is egter, gesien uit 'n ekonomiese en 'n politieke perskeptief,[96] dat die graad van ekonomiese konsentrasie in hierdie land waarskynlik te hoog is. Die soeke na 'n oplossing moet op 'n verantwoordelike wyse geskied en daar moet deeglik kennis geneem word van die kenmerkende eienskappe en ekonomiese imperatiewe van ons situasie. In die besonder moet idealisme deur pragmatisme getemper word. Dit is op slot van sake in niemand se belang om die baba saam met die badwater uit te gooi nie.

139. Die toonaangewende nyweraars behoort op die voorpunt van hervorming te staan. Hulle het die ondervinding en vernuwende gees (en, hopelik, ook die moed) om die aktiwiteite en entiteite binne hulle groepe te identifiseer wat op hulle eie kan oorleef en floreer. Persberigte dui daarop dat dit reeds in sommige groepe gedoen word, maar die proses moet uitgebrei word en moet insluit die identifisering van belemmerings vir toetrede en ondoeltreffendhede wat deur oormatige konglomeraatvorming veroorsaak word. Terselfdertyd moet 'n mens erken dat dit moeiliker sal wees om die verlangde resultate te bereik gedurende 'n ekonomiese fase wat korporatiewe sentrifugalisme teenwerk.

140. Dit sal geen doel dien om die simptome van die probleem te behandel en die onderliggende oorsake daarvan te ignoreer nie. Beleidsrigtings van die Regering wat in die verlede moontlik tot ekonomiese konsentrasie kon bydra, moet hersien en waar nodig, opgehef word.

141. Indien daar, weens 'n gebrek aan optrede of vasberadenheid, oor die kort termyn geen noemenswaardige verbetering van die situasie sou wees nie, is dit denkbaar dat meer dramatiese stappe, soortgelyk aan dié wat na die Tweede Wêreldoorlog deur die Opperbevelvoerder van die Geallieerde Magte in Japan ingestel is en wat die Elimination of Excessive Concentration of Economic Power Act van Desember 1947 ingesluit het,[97] waarskynlik binne 'n paar jaar geïmplementeer sal word.

142. Die ontknoping van korporatiewe mededingers is net so belangrik en die uitvoering daarvan waarskynlik minder traumaties as om die konglemerate te snoei. Een van die tersaaklike aspekte in hierdie verband is dié van ineenskakelende direksies. Effektiewe mededinging is kontinu 'n werklike of potensiële gevaar terwyl 'n direkteur van 'n maatskappy kan dien in die direksie van 'n ander maatskappy met wie hy in 'n bepaalde mark meeding, veral waar die betrokke persoon 'n benoemde van 'n konkurrerende maatskappy is. Die argument dat niks onbehoorliks sal plaasvind nie aangesien direkteure ingevolge hulle vertrouenspligte gebind is om te alle tye in die beste belang van die onderskeie maatskappye op te tree, is werklik nie heeltemal oortuigend nie. Persone wat hulle in hierdie posisie bevind, moet derhalwe ernstige selfondersoek doen indien hulle die betekenis van die mededingingsproses in 'n markbeheerde ekonomie erken.

143. In hierdie ondersoek het die Raad aangedui dat die mededingingsreëls aangewend kan word om 'n direkteur van een maatskappy van die direksie van 'n konkurrerende maatskappy te verwyder waar daar bewys word dat dit tot 'n beperking van mededinging tussen die twee gelei het. Ongelukkig sal die prosesregtelike en bewysaspekte van hierdie remedie en die reaktiewe aard daarvan dikwels die doeltreffendheid daarvan ondermyn. Dit is daarom dat die Amerikaners, op die grondslag dat voorkoming beter is as genesing, dit goedgedink het om artikel 8 van die Clayton Act te verorden. Hierdeur word ineenskakelende direksies tussen sekere kategorieë maatskappye onwettig verklaar.[98] Stemme is ook besig om in Australië op te gaan vir die instel van soortgelyke bepalings.[99]

144. Indien die algemene mening onder maatskappydirekteure is dat dit "redelik genoeg" is om Anglo en De Beers toe te laat om by te wees by 'n bespreking van byvoorbeeld die direkteure van GFSA oor 'n samesmelting met Genmin,[100] of as, soos Louis Brandeis dit stel,[101] die praktyk van ineenskakelende direksies meegehelp het om 'n finansiële krag te skep wat so groot is dat selfs die onkreukbaarste persone vind dat dit hulle uitermate beïnvloed, dan verkeer die "strict ethic" wat volgens Goldstone AR op hierdie gebied van die reg toegepas moet word, in gevaar, en sal regstellende optrede nodig wees. Enige beoogde wysigings aan die huidige situasie sal uiteraard voorafgegaan moet word deur openbare debat oor die kwessie.

VERWYSINGS

1. "The Sherman Act and the economic power problem" (1990) 35 *Antitrust Bulletin* 25, 28. Kyk ook Austin *Antitrust: Law, Economics, Policy* (1976) par. 2–1 en Areeda "Introduction to antitrust economics " (1983) 52 *Antitrust Law Journal* 523.
2. Hill & Jones *Competitive Trading in New Zealand* (1986) 1; Blair & Kaserman *Antitrust Economics* (1985) 21; Waldman *The Economics of Antitrust: Cases and Analysis* (1986) 4; Whish *Competition Law* 2de uitg (1989) 3; Scherer *Industrial Market Structure and Economic Performance* 2de uitg (1980) hoofstuk 2: Lipsey *An Introduction to Positive Economics* 6de uitg (1983) hoofstuk 19.
3. Hill & Jones 7. Kyk ook Blair & Kaserman 4; en Hovenkamp *Economics and Federal Antitrust Law* (1985) 2.
4. Cornell & Webbink "Public utility rate-of-return regulation: Can it ever protect customers?" in Poole (red) *Unnatural Monopolies* (1985) 27 op 28.
5. Blair & Kaserman 25; Waldman 4; Hovenkamp 14; Shepherd *The Economics of Industrial Organization* 3de uitg (1990) 34.
6. Cowen "A survey of the law relating to the control of monopoly in South Africa[20] (1950) 18 *South African Law Journal* 124.
7. Shepherd "Section 2 and the problem of market dominance" (1990) 35 *Antitrust Bulletin* 833, 835.
8. Shepherd *The Economics of Industrial Organization* 22 en 282 en die verdere werke wat hier aangehaal word; en Baumol, Panzer en Willig *Contestable Markets and the Theory of Industry Structure* (1982).
9. Blair & Kaserman 107. Kyk verder Hovenkamp 70 wat sê dat die elastisiteit van vraag en aanbod belangrik is om die regte geografiese mark te bepaal; Kanadese *Merger Enforcement Guidelines* (1991) par. 3.3; VSA se Departement van Justisie se *Merger Guidelines* (1984) par. 2.3; en Brunt " 'Market definition' issues in Australian and New Zealand trade practices litigation" 1990 *Australian Business Law Review* 86.
10. Blair & Kaserman 108; Shepherd 53; Hovenkamp 59. Kyk ook die Kanadese *Merger Enforcement Guidelines* (1991) par. 3.2; en VSA se Departement van Justisie se *Merger Guidelines* (1984) par. 2.1.
11. Fourie & Smit "Trends in economic concentration in South Africa" (1990) 58 *South African Journal of Economics* 371; Fourie "Economic concentration and anti-inflationary demand policy in South Africa" (1991) 59 *South African Journal of Economics* 16, 33.
12. McGregor's *Economic Alternatives* (1990) 388.
13. Areeda & Turner *Antitrust Law* (1980) § 910d; Stigler *The Organization of Industry* (1983) 58.
14. Hovenkamp 300.
15. Bork *The Antitrust Paradox : A Policy at War with Itself* (1978) 221.
16. 384 US 270, 86 SCt 1478.
17. *US v Pabst Brewing Co.* 384 US 546, 86 SCt 1665.
18. Kanadese *Merger Enforcement Guidelines* (1991) par. 4.2.1.
19. Rule & Meyer "Toward a merger policy that maximizes consumer welfare: Enforcement by careful analysis, not by the numbers" (1990) 35 *Antitrust Bulletin* 251, 266. Kyk ook Kanadese *Merger Enforcement Guidelines* (1991) par. 4.2.1. waar daar gesê word dat 'n raming van markaandele en konsentrasies in alle gevalle slegs die beginpunt van die Buro se ontleding is. Artikel 64 (2) van die Kanadese Competition Act, 1986, bepaal in-derdaad dat die Tribunaal nie moet bevind dat 'n samesmelting of beoogde samesmelting mededinging uitskakel of wesenlik verminder bloot op die grond van getuienis van konsentrasie of markaandeel nie.

20. Shepherd *The Economics of Industrial Organization* hoofstuk 5. *Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Wet op Reëling van Monopolistiese Toestande, 1955* (1977) 49. Kyk verder Brittanje se Department of Trade and Industry se verslag oor *Mergers Policy* (1988) Aanhangsel E.

21. Samesmeltings wat 'n sinkende maatskappy insluit, word ook in ander regstelsels verskillend hanteer. Kyk bv. VSA se DVJ se *Merger Guidelines* (1984) par. 5.1; Kanada se *Merger Enforcement Guidelines* (1991) par. 4.4; Hill & Jones 150. Die "leerstuk van die sinkende maatskappy" is nie 'n wondermiddel vir die herlewing van elke onsuksesvolle onderneming nie.

22. *Economic Alternatives* (1990) 356 soos bygewerk: *Pretoria News* 28/2/91.

23. Kyk ook *Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Wet op die Reëling van Monopolistiese Toestande, 1955* (1977) 43.

24. Bork 248.

25. *US v El Paso Natural Gas Co.* 376 US 651, 84 SCt 1044; *FTC v Procter & Gamble Co.* 386 US 568, 87 SCt 1224; *US v Falstaff Brewing Co.* 410 US 526, 93 SCt 1096. Vir 'n kritiese beoordeling van hierdie en ander sake kyk Hovenkamp 331 wat beweer dat die leerstuk van die gepersipieerde potensiële toetreder omstrede is.

26. *FTC v Consolidated Foods Corp* 380 US 592, 594, 85 SCt 1220, 1221–22. Kyk verder Hovenkamp 328 en 336 vir sy kritiek.

27. *Merger Enforcement Guidelines* (1991) par. 4.12.

28. Whish 732.

29. *Rank Organization/de la Rue* HCP (1968–69) 298; *Lonrho/House of Fraser* HCP (1979) 175.

30. *Charter Consolidated Ltd/Anderson Strathclyde* Cmnd 8771 (1982).

31. Shepherd *The Economics of Industrial Organization* 382; Scherer 340–43; Baker "Recent developments in economics that challenge Chicago school views" (1989) 58 *Antitrust Law Journal* 645, 650–51; Gort en Swanson "Conglomerate size and competition between large and small firms" (1983) 28 *Antitrust Bulletin* 337.

32. Raad op Mededinging Verslag No. 20: *Investigation to Determine whether an Acquisition by Anglo American Corporation Limited and De Beers Consolidated Mines Limited of Goldfields of South Africa Limited has been, was being or was Proposed to be Made* (1989) par. 44-51.

33. Raad op Mededinging Verslag No. 20, par. 83.

34. Cilliers & Benade *Maatskappyreg* 4de uitg (1982) 50 sê dat die een sleutelwoord wat die onderliggende beginsels van ons maatskappyreg beter opsom as enige ander woord "openbaarmaking" is. Nog 'n vooraanstaande geleerde wys daarop dat dit die geval was sedert die dubbele voorregte van inlywing en beperkte aanspreeklikheid aan maatskappye toegestaan is: Sealy "The 'disclosure' philosophy and company law reform" (1981) 2 *Company Lawyer* 51. Die feit dat aandeelhouding deur genomineerdes toegelaat word, hou in dat dit dikwels uiters moeilik is om *ex facie* die lederegister vas te stel wie die werklike eienaar van sekere aandele is. Dit kan die betrokke aandeelhouer(s) wel goed pas, maar kan 'n spoedige bepaling van die omvang van 'n besondere persoon se aandeel in 'n maatskappy teenwerk, en is beslis strydig met die konsep van "openbaarmaking". Kyk verder artikel 38 (1) van die Wet op Depositonemende Instellings 94 van 1990 wat bepaal dat geen depositonemende instelling sonder die skriftelike goedkeuring van die Registrateur enige van sy aandele kan registreer nie op die naam van 'n ander persoon as die beoogde voordeeltrekkende aandeelhouer.

35. Cilliers, Benade *et al Korporatiewe Reg* (1987) 401; Hahlo se *South African Company Law through the Cases* 5de uitg (1991) (Pretorius, Delport, Havenga, Vermaas) hoofstuk 11.

36. *Brown v British Abrasive Wheel Co. Ltd [1919] CH 290; Dafen Tinplate Co.* v Llanelly Steel Co. (1907) Ltd [1920] 2 Ch 124; *Shuttleworth v Cox Bros & Co. (Maidenhead) Ltd* [1927] 2 KB 9 (CA); *Sammel and others v President Brand Gold Mining Co. Ltd* 1969 (3) SA 629 (A) 680-1.

37. *Sidebottom v Kershaw, Leese, & Co. Ltd* [1920] 1 Ch 154 (CA) 162–3; *Ex parte JR Starck & Co. (Pty) Ltd* 1983 (3) SA 41 (W) 43.

38. Kyk byvoorbeeld artikels 181, 185, 198 (1) (b) en 257.

39. *Robinson v Randfontein Estates Gold Mining Co. Ltd* 1921 AD 168, 179–180; Naudé *Die Regsposisie van die Maatskappydirekteur* (1970) 106–154; Blackman *The Fiduciary Doctrine and its Application to Directors of Companies* PhD-tesis, Universiteit van Kaapstad (1970). Du Plessis *Maatskappyregtelike Grondslae van die Regsposisies van Direkteure en Besturende Direkteure* LLD-tesis, Universiteit van die Oranje-Vrystaat (1990) 83.

40. 1891 WN 165.

41. (1854) 1 Marq 461, 2 Eq Rep (1281) (HL).

42. [1930] 1 Ch 203.

43. Kyk Boros "The duties of nominee and multiple directors" (1989) 10 *Company Lawyer* 211, (1990) 11 *Company Lawyer* 6 vir 'n omvattende oorsig van die situasie.

44. *Aubanel and Alabaster Ltd v Aubanel* (1949) 66 RPC 343.

45. *Berlei Hestia (NZ) v Fernyhough* 1980 2 NZLR 150; *Trounce & Wakefield v NCF Kaiapoi Ltd and Others* 1985 NZCLC 99.422.
46. Kyk oor die algemeen Henn & Alexander *Laws of Corporations 3de uitg (1983) 625;* Fletcher *Cyclopedia of the Law of Private Corporations* Perm Ed 1986 Revised Volume § 838, §850 *et seq.*
47. *Litwin (Rosemarin) v Allen* 25 NYS 2d 667, 677–678.
48. *Pepper v Litton* 308 US 294, 84 L Ed 281.
49. *Meinhard v Salmon* 249 NY 458, 463–464.
50. *Burg v Horn* 380 F 2d 897.
51. *United Aircraft Corp v Boreen* 413 F 2d 694.
52. *State Teachers Retirement Board v Fluor Corp* 566 F Supp 939; *O'Connor & Associates v Dean Witter Reynolds Inc* 529 F Supp 1179.
53. (1973) 40 DLR (3d) 371.
54. Beck "The quickening of a fiduciary obligation: Canadian Aero Services v O'Malley" (1975) 53 *Canadian Bar Review* 771, 773.
55. *Bellairs v Hodnett* 1978 (1) SA 1109 (A).
56. Kyk oor die algemeen Naudé 135.
57. 1981 (2) SA 173 (T).
58. 1988 (2) SA 54 (T).
59. *Prok Afrika (Pty) Ltd v NTH (Pty) Ltd* 1980 (3) SA 687 (W); *Dun and Bradstreet (Pty) Ltd v SA Merchants Combined Credit Bureau (Cape) (Pty) Ltd* 1968 (1) SA 209 (K); *Harvey Tiling Co. (Pty) Ltd v Rodomac (Pty) Ltd* 1977 (1) SA 316 (T); *Wilrose Timbers (Pty) Ltd v C E Westegaard (Pty) Ltd and Others* 1980 (2) SA 287 (W); *Northern Office Micro Computers (Pty) Ltd v Rosenstein* 1981 (4) SA 123 (K); *SA Historical Mint (Pty) Ltd v Sutcliffe* 1983 (2) SA 84 (K); *Multi Tuber Systems (Pty) Ltd v Ponting* 1984 (3) SA 182 (D).
60. 1972 (3) SA 430 (A) 458.
61. *S v Ncokazi* 1980 (3) SA 789 (TkSc); *S v Leepile and Others (1)* 1986 (2) SA 333 (T); *S v Madlavu and Others* 1978 (4) SA 218 (E).
62. 1988 4 CMLR 24.
63. Gower *The Principles of Modern Company Law* 3de uitg (1969) 549.
64. Cilliers & Benade *et al Korporatiewe Reg* (1987) 229.
65. Beck (1975) 53 *Canadian Bar Revue* 771, 788.
66. Interpretasiewet 33 van 1957 a 6.
67. Oppenheimer "Union's group mining system" (1954) 44 *Mining and Industrial Magazine* 323. Kyk ook *Gulf & Western Industries Inc v Pacific Tea Co.* 476 F 2d 687, 694 waar daar beslis is dat ". . . (a)s a matter of law, we are not aware of any decision that requires numerical control in order to establish an antitrust violation," en aa 47 en 48 van die New Zealand Commerce Act 1986 wat verklaar dat die reg om 20 persent of meer van die stemreg op enige algemene vergadering van 'n maatskappy uit te oefen, 'n "controlling interest" uitmaak.
68. Whish 44; Neale & Goyder *The Antitrust Laws of the USA* 3de uitg (1980) 21–30; Bellamy & Child *Common Market Law of Competition* 3de uitg (1987) 63.
69. *Völk v Vervaeke* 1969 ECR 295, 1969 CMLR 273; *Beguelin Import v SAGL Import/Export* 1971 ECR 949, 1972 CMLR 81; *Société Technique Miniére v Maschinenbau Ulm Gmbh* 1966 ECR 235, 1966 CMLR 357; *Cadillon v Hoss* 1971 ECR 351, *Salonia v Poidomani and Giglio* 1981 ECR 1563.
70. Competition Act 1986 a 64.
71. Commerce Act 1986 a 27.
72. Trade Practices Act 1974 aa 45, 45D, 47, 49.
73. Kyk bv. die Nieu-Seelandse Commerce Act 1986 a 66 *et seq*; Australiese Trade Practices Act 1974 a 50; Duitse Gesetz Gegen Wettbewerbsbeschränkungen a 24 (1); *US v Philadelphia National Bank* 374 US 321; 363; *US v General Dynamics Corp* 415 US 486, 497; en Raad Regulasie (EEG) 4064/89 van 21 Desember 1989 oor die beheer van konsentrasies tussen ondernemings in die Europese Gemeenskap wat deur die Europese Geregshof in die vooruitsig gestel is in *Europemballage and Continental Can v Commission* 1973 ECR 215, 244–245.
74. Kanadese Competition Act 1986 a 65 (f).
75. Hovenkamp 306.
76. Naudé 271.
77. Blair & Kaserman hoofstuk 2; Hovenkamp 19; Shepherd 34, 105; Waldman 4.
78. *US v Grinnell Corp* 384 US 563, 578; *US v United Shoe Machinery Corp* 110 F Supp 295 *bevestig per curiam* 347 US 521.

79. Hovenkamp 137. Vir 'n oorsig oor al die belangrikste sake oor die onderwerp kyk Waldman 40.

80. Kyk bv. artikel 86 van die Verdrag van Rome; Nieu-Seelandse Commerce Act 1986 a 36; Kanadese Competition Act 1986 a 50; Australiese Trade Practices Act 1974 a 46.

81. *Cape Town Municipality v Clarensville (Pty) Ltd* 1974 (2) SA 138 (K) 148D.

82. 1958 (2) SA 368 (R) 370.

83. Kyk par. 9 en 10 *supra.*

84. Kyk bv. die Europese Geregshof se beslissings in *Europemballage Corp and Continental Can Co. Inc v EC Commission* 1973 ECR 215, 1973 CMLR 199; *Istituto Chemioterapico Italiano SpA and Commercial Solvents Corp v EC Commission* 1974 ECR 223, 1974 1 CMLR 309; *United Brands Co. and United Brands Continental BV v EC Commission* 1978 ECR 207, 1978 1 CMLR 429; *Hoffmann-La Roche & Co. AG v EC Commission* 1979 ECR 461, 1979 3 CMLR 211; *Hugin Kassaregister AB and Hugin Cash Registers Ltd v EC Commission* 1979 ECR 1869, 1979 3 CMLR 345.

85. Kyk onder andere *In re Continental Can* 1972 CMLR D11, D27; *Hoffman-La Roche supra* op 524/277; *United Brands supra* op 277/486; Nieu-Seelandse Commerce Act 1986 a 3 (8); Australiese Trade Practices Act 1974 a 46.

86. Kyk artikel 14, wat voorsiening maak vir 'n soortgelyke benadering deur die Minister.

87. Kyk onder andere Brittanje se Fair Trading Act 1973 a 84 en Restrictive Practices Act 1976 aa 10 en 19; Australië se Trade Practices Act 1974 aa 50 en 50A; Nieu-Seeland se Commerce Act 1986 aa 61 (6) en 66 (8). Selfs die Amerikaanse "rule of reason"-toets vir mededinging-mydende optrede laat die evaluering van sodanige optrede in samehang met die sosiale voordele wat daaruit mag voortspruit toe: *Chicago Board of Trade v United States* 246 US 231, 238.

88. *In re Rural Traders Co-operative (WA) Ltd and Others* 1979 ATPR §40–110.

89. 1976 ATPR §40-012.

90. Healey *Australian Trade Practices Law* (1988) 252.

91. Kyk paragraaf 50 van Verslag No 27: *Ondersoek na Bewerings Rakende Beperkende Praktyke wat Farmaseutiese Groothandelaars en Kleinhandel-apteke Toepas of Waarby Hulle Betrokke is,* gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 684 in *Staatskoerant* No 13422 van 26 Julie 1991. Vir 'n volledige uiteensetting kyk Alberts "Die betekenis van die openbare belang by die regulering van mededinging" (1990) 2 *SA Tydskrif vir Handelsreg* 285.

92. Kyk in hierdie verband die Raad se aanbevelings oor beperkende praktyke in die drankbedryf (Verslag No 10, 31 Maart 1982) en die Regering se uiteindelike besluit oor die kwessie: Rees "Monopolies and the public interest" 1983 *Leadership SA* 133.

93. *Minorco and Consolidated Gold Fields PLC: A Report on the Merger-Situation.* Cm 587 par. 2.3.

94. Re Case No IV/32.95 *Consolidated Gold Fields/Minorco* par. 5.

95. *Financial Mail* 2 Augustus 1991 op 62.

96. In hierdie verband kan daar genoem word dat, by die verordening van antitrustwetgewing soos die Sherman Act en die Clayton Act, die Amerikaanse Kongres daarvan oortuig was dat 'n mededingende ekonomie 'n demokratiese samelewing die beste sou bevorder. Senator Sherman het die gevoelens van die Amerikaanse volk akkuraat verwoord toe hy gesê het dat hulle nie 'n koning of keiser sou verdra nie en hulle ook nie aan "an autocrat of trade" sou onderwerp nie: Seplaki *Antitrust and the Economics of the Market: Text, Readings, Cases* (1982) 12.

97. Iyori & Uesugi *The Antimonopoly Laws of Japan* (1983) 9.

98. Kyk in die algemeen die American Bar Association se *Antitrust Law Developments (Second)* (1984) 210.

99. Carrol "Trade practice implications of director interlocks" (1990) 18 *Australian Business Law Review* 395; Carrol, Stening & Stening "Interlocking directorships and the law in Australia" 1990 *Company and Securities Law Journal* 290.

100. *Financial Mail* 17 Augustus 1990 op 89.

101. *Annals of the American Academy of Political and Social Science* January 1915 op 45, weergegee in Hahlo se *South African Company Law through the Cases* 432.

NOTICE 1102 OF 1991

MINISTRY FOR ECONOMIC CO-ORDINATION AND PUBLIC ENTERPRISES

PUBLICATION OF REPORT BY THE COMPETITION BOARD

I, Dawid Jacobus de Villiers, Minister for Economic Co-ordination and Public Enterprises, acting in terms of section 12 (4) (b) of the Maintenance and Promotion of Competition Act, 1979 (Act No. 96 of 1979), hereby publish the report of the Competition Board which appears in the Schedule to this Notice.

SCHEDULE

COMPETITION BOARD

Report No. 30

INVESTIGATION TO DETERMINE WHETHER THE PURCHASE OF ADDITIONAL SHARES IN GOLDFIELDS OF SOUTH AFRICA LTD BY ANGLO AMERICAN CORPORATION OF SOUTH AFRICA LTD AND DE BEERS CONSOLIDATED MINES LTD OR THEIR ASSOCIATED COMPANIES SINCE 1 JUNE 1989 CONSTITUTES A RESTRICTIVE PRACTICE OR ACQUISITION OR GIVES RISE TO A MONOPOLY SITUATION

PREFATORY COMMENT: MARKET CONCENTRATION AND CORPORATE CONGLOMERATION

1. All countries whose economies are essentially market driven have legal rules governing competition. The reason for this, as Adams and Brock point out,[1] is that the competitive market, which is a key facet of the free enterprise system, is neither "a self-perpetuating nor an immutable artifact of nature". Without strictly enforced rules of the game, the competitive market can be eroded and subverted from within through agreements not to compete, as well as through consolidations of industrial control in the hands of dominant firms and private power complexes.

2. In South Africa the principal source of the "rules of the game" is the Maintenance and Promotion of Competition Act, Act 96 of 1979 (the Act). It is complemented by Government Notice No. 801 in *Gazette* No. 10211 of 2 May 1986 which outlaws resale price maintenance, horizontal price collusion, horizontal collusion on conditions of supply, horizontal collusion on market sharing, and collusive tendering.

3. The effective implementation and enforcement of rules governing competition is an onerous task even in countries which have a long tradition of antitrust legislation and a firmly inculcated appreciation of the virtues of competitive trading. In South Africa the position is exacerbated by the relatively small size of the country's economy, high levels of concentration in numerous markets and corporate conglomeration.

4. Market economies are based on the premise or principle that society is best served where people can make voluntary exchanges of goods and services in competitive markets. According to economic theory competition is valuable because of the efficiency sanctions it imposes upon firms.[2] It has been suggested that a perfectly competitive market would have the following characteristics: (1) A large number of buyers and sellers where no single firm's actions have a marked impact on prices, and effective collusive action is not feasible. (2) All relevant information about the products and prices is known to all potential buyers and sellers. (3) Each buyer or seller has equal access to all inputs and there are no barriers to entry or exit in the production and distribution of the product in question. (4) Each firm is, or is conditioned to be, interested in maximising profits.[3]

5. Most markets do not measure up to the economic model of "perfect competition". There are various reasons for this. For example, the size and nature of a particular market may quite simply be able to sustain only a small number of firms or even one firm.[4] Nevertheless, the danger, or at least potential danger, of monopoly power has long been recognised and highlighted.[5] In fact even under both Roman law and Roman-Dutch law monopoly was regarded as a crime.[6]

6. Effective competition is under threat not only where a monopoly situation pertains, but also in the absence of

competitive parity among rival firms,[7] or in oligopolistic and concentrated markets. As a consequence, the rules governing competition in all legal systems that recognise and address the problems are designed to forestall market dominance or to remedy the abuses that may arise from it, as the case may be. More specifically, it can be mentioned that section 46 of the Australian Trade Practices Act 1974, sections 50 and 51 of the Canadian Competition Act 1986, section 36 of the New Zealand Commerce Act 1986, and article 86 of the Treaty of Rome are all intended to counter any abuse of a dominant position. On the other hand, the American Department of Justice's *Merger Guidelines* (1984), the Canadian Director of Investigation and Research's *Merger Enforcement Guidelines* (1991) and the EC's Council Regulation 4064/89 of 21 December 1989 on the control of concentrations between undertakings seek to obviate unacceptable levels of concentration in a given market.

7. Not all economists are adverse to the idea of monopoly or market dominance. For example, the so-called "Chicago-UCLA movement" minimises the costs of monopoly. It postulates four main hypotheses, namely (1) Monopoly reflects superior efficiency. (2) The costs of attaining monopoly commonly use up any possible monopoly profits. (3) Market dominance has only minimal harmful effects. (4) Collusion is the only pure form of market power, and it quickly collapses from cheating by the colluders. The formulators of the "contestability theory" go even further and suggest that perfectly free, absolute and reversible entry into a market is the best basis for defining efficient allocation of resources since the threat of entry will drive prices down and guarantee efficiency even if there is just one monopoly firm in the market.[8] Given the peculiarities of the South African business environment and the cogent criticism of these theories by eminent American economists, they do not commend themselves to the Competition Board.

8. Any assessment of market dominance or market concentration perforce requires an accurate identification of the market in question. The "relevant market" is accordingly a concept of crucial significance in the area of antitrust or competition law.

9. Markets exist in two main dimensions, namely products and geographical areas. There is a strong presumption that two geographic areas are in the same market if both prices and price changes of a specific commodity are closely correlated. On the other hand, if the price of a given commodity differs across the two areas and the price changes are not positively correlated, the two areas are likely to be in separate markets. Sales patterns can supplement the information on price movements.[9]

10. Two commodities do not have to be physically identical or even perfect substitutes to be in the same product market. However, in order for two products, A and B, to be in the same market, consumers must substantially shift their purchases from A to B when the price of A rises relative to the price of B. Thus, one would be looking for commodities that have a high cross-elasticity of demand. If two products have uncorrelated prices they are unlikely to be in the same product market. The way in which producers respond to price changes is another key to product market delineation.[10]

11. These brief general comments on the relevant market suffice to indicate that the proper delineation thereof is a complex matter which can be resolved only on an *ad hoc* basis after careful appraisal of all the relevant facts and contending viewpoints of the parties involved in a given case. It would accordingly obviously be wrong to dispense with the prescribed analysis and simply define a relevant market on the basis of more generalised nationally applicable concentration statistics. Apparently not all economists in South Africa recognise this.[11]

